


MATIEL AND



3 . 1 9 9 2



'n Sprokiesdorp word gebore...



Kom na Green Oaks, waar gehalte, die sjarme van 'n Europese dorp en moderne ontwerp joune kan wees.

Eerste fase nou te koop – slegs 90 huise. En almal onder R200 000!

Kronkelende wandelpaaie, rus en vrede, talle jong eikebome, en 'n loopgang vir inkopies skep die sprokiesdorp-atmosfeer van Green Oaks. Waar jou kinders graag sal wil grootword. Waar jou familie 'n gelukkige, vol lewenstyl kan geniet. Jou tuiste in die natuur.



Vir meer inligting, skakel ons konsultante by Cape Vision Properties, Trust Bank Sentrum, Stellenbosch by (02231) 98008 (gedurende kantoorure) of die verkoopskantoor op Weltevreden plaas by (02231) 95333



Kies tussen 8 pragtige, ontwerpte wooneenhede, met 'n beplande tuine, en maak gebruik van verskeie aanbou-keuses soos jou lewenstyl ontwikkel.

Kom na afgesonderde Green Oaks, net 'n eekhoringsprong van Stellenbosch, 14 min. van die Noordelike Voorstede en 30 min. van Kaapstad.

Besoek ons Verkoops-inligting Kantoor in die historiese Weltevreden skuur.
Maandag tot Vrydag: 08:30 tot 18:00
Saterdag tot Sondag: 11:00-18:00

**CAPE
VISION
PROPERTIES**

MATIELAND

J a a r g a n g 3 6 . 3 : 1 9 9 2

I N H O U D	D
Redaksioneel.....	3
Fokus op	3
Samewerking volg op Rektoraatsbesoek aan Europa	4
Van Wyk at universities conference in Egypt	4
Claassen by 'internasionale universiteit'	5
Fisikus kry Presidentstoekenning	5
Maties wat Barcelona toe was	6
Tiaan word 130ste Matie-Bok	6
Hokkiespan 5 jaar beste in SA	6
Gestremde sportlui presteer	6
Ouddosent deur SA chemici vereer	8
Russiese wetenskaplikes	8
Dosent as navorser na VSA	9
Fisika-instituut betree nuwe era	9
Stellenbossers by groot wyn-, wingerdkongres	10
Suid-Kaapse kusekologie onder die soeklig	11
14 dosente tree vanjaar af	12
Top-akademikus uit Brittanje	13
SR-klub vereer dr Craven	13
Prestigious German institute on campus	14
Researchers develop new TB test	14
Oorsese kenners by Tygerberg	15
Sentrum tussen wingerde 'n groot sukses	16
Computers unravel ancient messages	18
Biblioteekdiens vir die privaatsektor	19
Reünies	20
Acáma tree uit by US-koor	22
Oudste oud-Bokke almal Oud-Maties	23
Monica-matrone kranige meesteratleet	24
Oud-Matie word 'n eeu oud	25
Nuwe US-lied word gesoek	27
Bevorder en aangestel	28
Israeliese pionier besoek instituut	29
In memoriam	30



130ste Bok - bl 6



Britse rektor - bl 13



Groot sukses - bl 16

Voorblad: Die beroemdste Matie, Elana Meyer, wat die beste Suid-Afrikaanse prestasie by die Olimpiese Spele in Barcelona gelewer het toe sy 'n silwer medalje in die 10 000 m verower het. Suid-Afrika se "Koningin van die Atletiekbaan" het kort nadat sy van die Spele af teruggekom het by haar huis op Stellenbosch met haar medalje spesiaal vir Matieland-fotograaf Antenie Carstens geposeer.

Matieland word drie keer per jaar uitgegee, en word gratis aan oudstudente en donateurs van die US gestuur.

Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, 7600 Stellenbosch ☎ (02231) 774633/774851. Faks (02231)774499.
Adreslys: ☎ (02231)774634.

Redakteur: Hans Oosthuizen **Uitleg:** Strydom van der Merwe, Buvo, US. **Drukkers:** Nasionale Handelsdrukkery, Parow.

PPS – Want Selfs In 'n Professionele Praktyk Kan Slim Steeds Sy Baas Vang

**PPS – Professionele Dekking
Vir Beroepslei**

Die beste siekte- en ongesiktheidsvoordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groeptermylewensdekking, uittree-annuuiteitplanne en Profmed

– die mediese fonds uitsluitlik vir u geskep.

**Alleenlik aan
Gegradueerde Beroepslei
beskikbaar.**

Spring reg weg . . .
skakel PPS vandag.






Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika
Posbus 6268,
JOHANNESBURG 2000
Telnr: 29-7863
Faks: 23-0088

**SPESALE AANBOD
AAN VOORNEMENDE KOPERS!**
■ 2 Nagte GRATIS verblyf sonder verpligtig
■ Koste van 2 Lugreiskaartjies word terugbetaal indien u koop

Zevenwacht
FARM VILLAGE

Belê in 'n stukkie Kaapse Erfenis



3241 WHALEY & ASSOCIATES

Hierdie sierlike, rustige en gevestigde deel-titelontwikkeling in die skilderagtige Kaapse Boland betree nou sy tweede fase. Zevenwacht spog met 'n welvarende gemeenskap in 'n veilige, gemaklike en ruim omgewing. Ofskoon dit alle moderne geriewe bied, verleen die byderwetse Kaaps-Hollandse boustyl 'n bekoorlike landelike atmosfeer aan die ontwikkeling.

Fase II van die ontwikkeling behels 'n verskeidenheid ontwerpe vanaf R198 000 per eenheid.

Die belegging bied:

- Finansiële Sekuriteit met NBS Devco – die alleenontwikkelaar
- Voltooide klubfasilitete – tennisbaan, swembad en kroeg
- 24-uur sekuriteit
- Aandele in die aangrensende Zevenwacht wynlandgoed

Skakel (021) 903 0601 of 903 1133 tydens kantoorure.

Na ure skakel Pam Goller
(021) 903 4629
of Penny Petersen
(021) 967 339.

PAM GOLDING
PROPERTIES

N B S D E V C O
AN NBS GROUP COMPANY

Beter internasionale akademiese betrekkinge

'n Gul ontvangs vir die US-Rektor en Visekanselier en die Viserektor (Akademies) in Wes-Europa en 'n samewerkingsooreenkoms wat daar gesluit is. Bywoning deur die aangewese Rektor van 'n internasionale universiteitshoofde-konferensie in Egipte. 'n Besoek van die Universiteit Cambridge se Visekanselier aan die US. Die Direkteur Navorsing as enigste Suid-Afrikaner by 'n "gesimuleerde internasionale universiteit" in Finland. Dit alles is onder meer van die nuus oor internasionale betrekkinge waaroor in hierdie uitgawe van *Matieland* berig word.

Die toenemende ontspanning in Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge raak immers ook die Universiteit al hoe meer. Dit het nou op 'n formele samewerkingsooreenkoms met die Rijksuniversiteit van Leiden in Nederland uitgeeloop.

Ook ander Nederlandse, Belgiese en Duitse universiteite het laat blyk dat hulle in formele betrekkinge met die US belangstel.

Sulke betrekkinge kan wissel van 'n ooreenkoms soos dié wat nou met Leiden gesluit is tot ooreenkomste wat slegs op enkele fakulteite, departemente, studierigtigs of navorsingsvelde van toepassing is.

Die wedersydse uitruil van kennis of voorkeurregte aan besoekende akademici, navorsers en studente kan onder meer daardeur geraak word.

Dit is dus goed dat die US ook oorweeg om 'n eie kantoor te stig wat vir die vestiging, uitbou en administreer van alle internasionale akademiese betrekkinge verantwoordelik sal wees.

Tot wedersydse voordeel van die US en van die instansies waarmee hy samewerkingsooreenkoms sluit, is dit natuurlik belangrik dat dié ooreenkomste nie net op papier bestaan nie maar aktief bedryf en in stand gehou word.

M

Fokus op ...



Corné Rossouw 'n Oud-Maties en US-dosent in Menslike Bewegingskunde, wat die Afrika-streek in die "International Federation for Adapted Physical Activity" (IFAPA) se uitvoerende raad verteenwoordig.

Sy is die nasionale sameroeper van die SA Sportvereniging vir Liggaamlik Gestremdes en was die bestuurder van die SA span wat in September aan die Para-

limiese Spele in Barcelona gaan deelneem het.

En in November het sy in Durban 'n Excelsior-toekenning van die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling ontvang vir die dienste wat sy as nie-gestremde so onvermoed aan Suid-Afrika se gestremdes lewer.

Mej Rossouw is reeds die afgelope dekade intensief by gestremdes se sport betrokke. Dit is grootliks deur haar toedoen dat die eerste nasionale kampioenskapsbyeenkoms vir gestremdes in 1983 op Coetzenburg gehou is - nou 'n jaarlikse instelling wat sedertdien verskeie kere weer aan die US gehou is.

As knap sportvrou wat Maties- en provinsiale kleure in verskeie sportsoorte verwerf het, het dit haar opgeval dat nie almal so 'n natuurlike sportaanleg soos sy

het nie. Almal leer nie 'n sportbeweging ewe vinnig aan nie. Gestremdes se vermoëns het haar veral geïnteresseer. Sy wou vir hulle iets doen omdat hulle - veral op sportgebied - min geleenthede kry. "Sport is 'n natuurlike behoeft. Dit bied vir gestremdes 'n kans om te funksioneer in 'n samelewing waarvan hulle op baie maniere verwyder is," sê sy.

Haar M-studie (voltooi in 1980) was oor die bewegingsopvoeding vir blindes en dowes. Die US het grootliks deur haar toedoen die eerste in die land geword (en is steeds die enigste) wat kursusse in bewegingsopvoeding vir gestremdes aanbied - as 'n verpligte tweedejaarsvak en daarna 'n spesialisering-keusevak in die Departement Menslike Bewegingskunde.

Ook deur haar ywer het geriewe vir rolstoelgebruikers en ander

gestremdes op Coetzenburg toegankliker geword. Die US is ook die enigste SA universiteit wat sy geriewe én personeel deuren tyd vir gestremdes se sport beskikbaar stel. En hoewel gestremde Maties-sportlui nie 'n eie klub het nie, kry gestremdes (van 12-jariges tot veterane) gereeld swem- en ander afrigting op Coetzenburg. Om te sê dit gebeur alles grootliks deur Corné Rossouw se inspirasie, is nie oordrewe nie!

Sy beywer haar veral vir navorsing oor sport en ontspanning vir gestremdes, en vir afrigting, waaraan daar ook 'n reuse-tekort is.

Na Suid-Afrika se hertoelating tot die IFAPA is sy op die organisasie se tweejaarlikse kongres in 1991 in Miami as Afrika-verteenvoerdiger gekies. Sy is ook genooi om by die 1993-kongres in Japan 'n lesing aan te bied. (Lees ook die berig op bl. 6).

M

Samewerking volg op rektoraatsbesoek aan Europa

Die US het 'n formele samewerkingsooreenkoms met die Rijksuniversiteit van Leiden, Nederland, gesluit. Dit is gefinaliseer met 'n besoek wat proff Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, en Hennie Rossouw, Viserektor of (Akademies), vroeër vanjaar aan dié land asook België, Duitsland en Frankryk gebring het om akademiese betrekkinge met universiteite en ander instansies daar te bevorder.

Hulle besoek kan daartoe lei dat die Universiteit ook met verskeie ander Europese universiteite formele ooreenkomste aangaan.

Die US wil ook gou sy eie kantoor vir internasionale akademiese betrekkinge in een van die bestaande Universiteitsafdelings vestig en uitbou. Dit kan skakeling en samewerking met buitelandse universiteite vergemaklik en hulp aan Maties uit die buitenland verleen.

In Leiden het proff De Vries en Rossouw onder meer met die voorstander van die "College van Bestuur" en met die "Rector Magnificus" samesprekings gevoer. Hulle het soortgelyke senior personeel aan die Vrije Universiteit in Amsterdam, die Universiteit van Amsterdam en die Rijksuniversiteit, Utrecht, ontmoet.

Samesprekings is ook op hoëvlak gevoer by drie Nederlandse staatsdepartemente (waaronder die Ministerie van Onderwys en Kultuur) en die Amsterdamse hoofkwartier van die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging.

In België is die Stellenbossers op hoëvlak by die Katolieke Universiteit van Leuven en die Rijksuniversiteit van Gent "geesdriftig en gul" ontvang. Albei se rektore het hulle onder meer ten gunste van nouer formele betrekkinge met die US uitgespreek. Met Leuven het die US lankal informele betrekkinge asook 'n formele

ooreenkoms met die geneeskunde-fakulteit.

Proff De Vries en Rossouw sê die algemene klimaat in Nederland en Vlaamssprekende België is besonder gunstig vir akademiese kontak en gesprek. US-dosente en Maties is weer welkom by Nederlandse universiteite, selfs waar daar om politieke redes nog versigtigheid en huiwering bestaan.

Die Suid-Afrikaanse ambassadeurs in Nederland en België het proff De Vries en Rossouw ook onthaal. Die Vlaamse minister van kultuur was onder meer by die onthaal in België.

Prof Rossouw, wat Frankryk alleen besoek het, het in Parys geslaagde hoëvlaksamesprekings by die "Centre National de la Recherche Scientifique" gevoer. As uitvloeisel hiervan het die Universiteit in Oktober vanjaar 'n besoek van vyf Franse navorsers

in die sosiale wetenskappe ontvang wat vrugbare gesprekke met 'n aantal Stellenbosse kollegas kon voer. Die hoof van die afdeling vir hoër onderwys by die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling in Parys het prof Rossouw ook ontvang.

Slegs prof De Vries was in Duitsland. Hy het met die rektor en die senaatsvoorsitter van die Universiteit van Tübingen en die viserektor van die Georg-August-universiteit in Göttingen samesprekings gevoer en is "besonder vriendelik" ontvang. Die mense met wie hy gepraat het, is besonder goed ingelig oor Suid-Afrika. Albei dié universiteite stel belang in samewerkingsooreenkoms met Stellenbosch, sê prof De Vries.

Hy het ook 'n nasionale chemiekongres in Kiel bygewoon en daar waardevolle kontak gemaak met akademici van 'n aantal ander Duitse universiteite. M

Van Wyk at universities conference in Egypt

4

Prof Andreas van Wyk, Vice-Rector (Management) and Rector designate, attended the third International Association of Universities (IAU) mid-term conference of heads of universities at the University of Alexandria, Egypt, during October.

The conference brought together heads and other representatives

of universities and of major international bodies concerned with higher education worldwide.

The IAU originated under the auspices of the League of Nations and was established at the initiative of Unesco. Membership is composed of individual university institutions in over 120 countries, and of other major associa-

tions of universities.

The overall theme of the conference was "Adaptation of University management structures and strategies for new requirements." This was addressed and discussed in plenary sessions and work groups.

The University of Alexandria,

which was founded as a state university in 1942 and has 100 000 students, hosted the conference jointly with the Senghor University, which was founded at the initiative of the francophone countries as an international institution of development. M

Claassen by 'internasionale universiteit'



Prof Walter Claassen, Direkteur: Navorsing, het in Julie in Helsinki, Finland, 'n buitengewone byeenkoms bygewoon. Hy was die enigste Suid-Afrikaner by "University Forum," wat op 'n gesimuleerde internasionale universiteit neergekom het.

Dit was die eerste keer dat so iets gehou is en kan die voorloper van nog sulke byeenkomste wees. Sowat 100 akademici en 350 studente van talle universiteite uit die hele Europahet dit bygewoon.

Hulle het 'n week lank by die Universiteit van Helsinki aandag gegee aan 'n hele aantal temas wat baie aktueel is binne die lande wat deel is van die "Council for Security and Cooperation in Europe" (CSCE). Dié (hoofsaaklik Europese) lande het die Helsinki-akkoord onderteken en 'n groot rol gespeel om die "koue oorlog" te beëindig.

Die Spaanse Helsinki-komitee, een van talle oral in Europa wat aan verskeie aspekte van die

Helsinki-proses aandag gee, het die forum gereël. Dié komitee se opdrag is "Die menslike dimensie." Verskeie Spaanse en ander Europese organisasies het die komitee gehelp om die deelnemers se reis- en verblyfkoste te dek.

Die week lange forum het saamgeval met die Helsinki-spitsberaad, wat gekulmineer het in 'n tweedaagse byeenkoms van 51 staatshoofde van al die CSCE-lande asook die VSA. Dit was juis selfdertyd sodat forumdeelnemers na van die spitsberadslede kon luister en iets kon ervar van die effek van die Helsinki-proses met sy ryke internasionale verskeidenheid.

Sentraal- en Oos-Europese universiteite (ook uit die Gemenebes van Onafhanklike State) was goed verteenwoordig. Die akademici het 'n aantal rektore en ander universiteits-bestuurspersoneel ingesluit, asook kundiges op van die onderwerpe wat by die forum aan die orde was.

Elke dag se forumprogram het bestaan uit voordrage deur kenners op bepaalde gebiede van belang vir die "menslike dimensie" van die CSCE-proses, gevolg deur groepbesprekings deur die akademici en studente. Genooid kennis het die voordrage aangebied en die sessies geleid. Paralelle sessies was nodig vir die groot getal temas.

M

Fisikus kry Presidentstoekenning



Die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) het sy gesogte Presidentstoekenning verleen aan dr Frikkie Scholtz, 'n senior navorser by die Instituut vir Teoretiese Fisika. Dit beteken

dat hy in die vier jaar tot 1996 sowat 'n driekwartmiljoen rand vir sy navorsing gaan kry.

Dr Scholtz is sedert 1985 aan die instituut verbonde en is vanaf 1993 as senior lektor in fisika aangestel. Hy het sy doktorsgraad in 1986 onder leiding van prof Fritz Hahne, nou Dekaan van Natuurwetenskappe, behaal. In 1988-'89 het hy met 'n Von Humboldt-stipendium nadoktorale navorsing in Tübingen, Duitsland, gedoen.

Die SNO-Presidentstoekenning gaan slegs aan 'n uitgesoekte groep jong toppresteerders in

die wetenskap en tegnologie wat gekies word omdat hulle navorsing in Suid-Afrika en in die buitenland 'n invloed sal hé en omdat hulle die vermoë het om die volgende geslag wetenskaplikes goed op te lei.

Volgens die SNO is die toekenning een van die maniere waarop in Suid-Afrika se toekoms belê word. Dit is ook 'n manier om erkenning en steun aan uitmuntendheid te verleen. Vir die toekenning identifiseer die SNO die toppresteerders in wetenskap en tegnologie deur 'n proses van nasionale en internasionale ewekniebeoordeling.

Dr Scholtz se navorsing was voorheen hoofsaaklik gemik op kernfisika. Sy huidige navorsing is meer gemik op kwantumveld-teorie. Daar word spesifiek gekyk na die kwantisering van yktereorieë, die teorieë wat die wisselwerkung tussen elementêre deeltjies beskryf. Verder word gekyk na die toepassings van kwantumveld-teorie in gekondenseerde materië-fisika.

Hy is die vierde US-personeellid wat die SNO se Presidentstoekenning ontvang sedert dit in 1985 ingestel is.

M

5

Maties wat Barcelona toe was



Kort na die Olimpiese Spele in Barcelona het prof Andreas van Wyk as waarnemende Rektor en Visekanselier 'n onthaal aangebied ter ere van die vier Maties wat in die Suid-Afrikaanse span aan die Spele gaan deelneem het. Hulle is hier (van links) seiljagvaarder Rick Mayhew, atleet Elana Meyer, swimmer Marianne Kriel en kanovaarder Herman Kotzé. Drr Jan van der Horst, Kanselier, en Dawid de Villiers, US-Raadsvoorsitter, was onder meer ook by die onthaal. Elana en Herman is ook vanjaar as die Maties se Sportvrou en -man van die jaar aangevys.

Nelie Smith rig Maties af



6

Een van Suid-Afrika se bekendste rugbypersoonlikhede, gewese Springbokkaptein, -keurder en -afrigter mnr Nelie Smith, is as Matie-afrigter aangestel.

Hy het 19 keer vir Suid-Afrika gespeel, sewe keer in toetse waarvan hy in vier die kaptein was. In 1963 het hy die eerste keer Springbok geword, teen die Wallabies, waarna hy ook teen Wallis gespeel het, die Bokke teen Frankryk aangevoer het

en onderkaptein vir die toer teen Australië en Nieu-Seeland was.

Sy afrigtersprestasies is haas onoortreflik. Toe hy in 1980-'81 die Springbokafrigter was, het hulle vyf uit ses toetsreeks (12 uit 15 toetswedstryde) gewen. En toe hy die Vrystaat-afrigter (1970-'76) was, het Vrystaat die Curriebeker die eerste keer (en enigste nog in 96 jaar) gewen, nog twee keer die eindstryd gehaal en 14 van hulle 38 Bokke tot dusver opgelewer.

Naas sy suksesse met die Shimlas (UOVS), Old Grey en die Matie-Cravenspan, het hy ook oorsee naam gemaak met Rovigo (1986-'89) wat hy na tien jaar se nederlae die eerste keer Italië se kampioene laat word het. Hy het rugbykursusse in die VSA en in 1980 as kursusleier by 'n wêreldafrigterskongres in Wallis aangebied, praat vlot Italiaans en woon die afgelope jare op Stellenbosch.

Gestremde sportlui presteer



Eerstejaar-Matie Ernst van Dyk (links) en Oud-Matie Krige Schabot was onder die tien Suid-Afrikaners wat in September in Barcelona aan die Paralimpiese Spele deelgeneem het. Ernst, 'n B.Econ.-student en inwoner van Helshoogte, het twee SA swemrekords vir gestremdes by die spele verbeter. Krige het 'n bronsmedalje verower toe hy die 42 km marathon vir rolstoelatlete deur Barcelona se strate in 1:28:72 voltooi het. Hy het albei sy bene weens 'n ongeluk in die Grensoorlog verloor.

US-dosent mnr Corneé Rossouw was die SA spanbestuurder na die spele, waarvan die naam aangelei is van "Paralel aan die Olimpiese Spele" omdat dit net na die Olimpiese Spele op dieselfde terrein en deur dieselfde oorkoepelende beheerliggaam aangebied word. Dit is nie net vir rolstoel-gestremdes (parapléë) nie, maar ook serebraal- en gesigsgestremdes en sportlui met amputasies of met motoriese probleme. Suid-Afrika is na 17 jaar hertoegelaat.

Tiaan word 130ste Matie-Bok



Foto: Rapport

Die Rugbyklub het twee spelers, senter Fappa Knoetze (links) en agsteman Tiaan Strauss, in die SA toerspan Frankryk en Engeland toe gehad. Tiaan het pas die 130ste Springbok geword wat deur die klub opgelewer is. Fappa het in 1989 al die eerste keer die Groen en Goud gedra toe hy in die Wêreldbekertoernooi uitgedraf het. Hy was toe die klub se 128ste Springbok. Nommer 129 is Kobus Burger wat ook in die 1989-Wêreldbekertoernooi gespeel het.

Hokkiespan 5 jaar beste in SA



Die Matie-vrouehokkiespan het die Nasionale Vrouehokkie-klubkampioenskapstoernooi vanjaar vir die vyfde jaar na mekaar gewen - die enigste span wat dit nog kon regkry. In die elf jaar sedert die toernooi ingestel is, het die Maties dit sewe keer gewen, want hulle was in 1983 en 1985 ook die kampioenspan.

Die span se twee huidige Springbokke, Sherylle Calder (links) en Megan Dobson (middel) is hier by mev Kotie Smuts, die klub-president, mev Jackie Wiese, hokkie-organiseerder van die US, en mnr Belius Potgieter, Direkteur van die Sportburo.

Mej Calder het in die vroeë tachtigerjare die eerste keer Springbokkleure verwerf. Mej Dobson het onlangs die negende Matie geword om Springbokkleure te kry. As die Oud-Maties bygerken word, het die US reeds 21 Springbok-vrouehokkiespelers opgelewer.

In Oktober vanjaar het die Vrouehokkieklub na 'n bestaan van 89 jaar en die mansklub, wat 94 jaar oud was, ter wille van rasionalisasie tot een klub, die Matie-hokkieklub, saamgesmelt. Mej Calder is vir die volgende drie jaar as die klub se hoofafrigter (vir die mans- en vroue-afdelings) aangestel. Sy werk aan 'n doktorale studie in die Menslike Bewegingskunde. Mej Dobson het in 1991 'n honneursgraad in die Menslike Bewegingskunde behaal en was vanjaar 'n HOD-student.

Buitelanders by letterkundekongres



Die Afrikaanse Letterkundevereniging se vyfde internasionale hoofkongres is bygewoon deur (van links) prof Jaap Goedegebuure van die Katolieke Universiteit Tilburg, mev Riet de Jong-Goossens, 'n bekende vertaler van Afrikaanse prosawerke in Nederlands, mev Thelma Tshesane van die Soweto-Onderwyserskollege, prof Lina Spies van die US wat die kongres op Stellenbosch georganiseer het, mnr J. Puttemans, 'n Vlaamse UPE-student, dr Hans Ester van die Katolieke Universiteit Nijmegen, en dr Jerzy Koch, dosent in Nederland en Afrikaans te Wroclaw, Pole.

Sowat 50 referente het by die kongres opgetree. Dr Koch het onder meer gesê die saak van Afrikaans is te belangrik om dit net in die hande van Afrikaners te laat. Dr Ester het die openingsrede (in vloot Afrikaans) aangebied.

Nuwe instituut en sentrum gestig

'n Instituut vir Termodinamika en Meganika (ITM) is in die Departement Meganiese Ingenieurswese gestig.

Prof Detlev Kröger, die Direkteur, sê die ITM se primêre doelwit is om akademiese bedrywigheid, veral onderrig en navorsing, in die departement te bevorder.

Interdissiplinêre en interdepartemente projekte word ook sterk aangemoedig. Alle moontlike bronne van befondsing word benut om meer nagraadse studente te help en fasiliteite uit te bou. "In dié verband is skakeling met die nywerheid noodsaaklik," sê prof Kröger.

'n Sentrum vir Internasionale en Vergelykende Politiek is in die Departement Politieke Wetenskap ingestel. Dit koördineer navorsing in die Departement Politieke Wetenskap. Die voormalige Sentrum vir Suid-Afrikaanse Politiek en die Eenheid vir Sowjet-studie is daarin opgeneem.

Die sentrum bevorder kundigheid oor internasionale politieke tendensies en die impak daarvan op Suidelike Afrika, en insig in kontemporêre SA politieke vraagstukke deur dit met soortgelyke vraagstukke elders te vergelyk.

Verskeie navorsingsprojekte word onderneem, o.m. oor Waardes, elitehoudings en die SA politiek; Die politieke implikasies van 'n uitvoergeleide groeistrategie vir Suid-Afrika; en Staatsbou en demokrasie in Afrika ('n vergelykende studie van Botswana, SA en Zimbabwe).

M

Ouddosent deur SA chemici vereer

'n US-ouddosent, dr Chris Garbers, wat gedurende 1966-'79 professor in organiese chemie op Stellenbosch was, het onlangs die Hendrik van Eck-medalje, hoogste toekenning van die SA Chemiese Instituut (SACI) ontvang.

Dr Garbers het in 1990 as voorstitter van die WNNR uitgetree. Hy is voorsitter van die Wetenskaplike Adviesraad en die kanselier van Unisa. Die US het in Desember 1991 'n eredoktorsgraad aan hom verleen en hy het ook eredoktorsgrade van Unisa en die Universiteit van Kaapstad ontvang.

Die Van Eck-medalje is in Pretoria aan dr Garbers oorhandig. 'n Oud-Matjie, prof Anton Heyns, hoof van die UP se chemiedepartement, het as SACI-president die medalje oorhandig. Twaalf Oud-Maties wat onder dr

Garbers op Stellenbosch gestudeer het, was by die oorhandingsplegtigheid, wat by Unisa gehou is. By dié geleenthed het dr Garbers 'n lesing oor "Die uitdaging van die wetenskap - en chemie - in 'n toekoms van verandering aangebied.

Dr Garbers was as US-dosent gedurende 1973-'74 die SACI-president. Hy het ook as voorsitter van die Akademie vir Wetenskap en Kuns gedien en is met die Akademie se Havenga-prys vir Chemie en M.T. Steyn-medalje vereer. Die Orde vir Voortrefflike Diens is ook aan hom toegeken.

Dit is slegs die derde keer dat die Van Eck-medalje toegeken word. Drr Anton Rupert (1983) en Nico Stutterheim (1984) was die vorige ontvangers. Wyle dr Hendrik van Eck, die gevierrede bedryfsleier na wie die medalje vernoem is, was 'n Oud-Matjie.

M



Dr Chris Garbers (derde van regs) met die oorhandiging van die Hendrik van Eck-medalje aan hom, saam met 12 Oud-Maties wat almal sy studente op Stellenbosch was. Hulle is, van links, prof Simon Lotz, dr Dolf Britz, prof Helgard Raubenheimer, drr Piet Steyn en Frikkie Scott, proff Egmont Rohwer en Anton Heyns (wat die medalje oorhandig het), dr Zenda Ofir, prof Flip Wessels, mev Dürten Röhm en drr Hester du Preez en Margot Steyn. Hulle is almal aan universiteite en navorsingsinstansies in Pretoria en Johannesburg verbond.

Russiese wetenskaplikes


8

Prof Vladilen Letokhov (naaslinks) is 'n wêrbekende Russiese wetenskaplike wat die Departement Fisika onlangs besoek het. Hy is professor in kwantumoptika en hoof van laserspektroskopie aan die instituut vir spektroskopie van die Russiese Akademie vir Wetenskappe by Troitzk naby Moskou. Sy vrou, prof Tiina Karu, is hoof van die lasergeneeskunde-laboratorium aan dié akademie. By hulle voor die Fisikagebou tydens hulle besoek aan Stellenbosch is proff Hendrik Geyer en Piet Walters van die Departement Fisika.

Prof Letokhov het meer as 600 wetenskaplike artikels gepubliseer asook 12 monografieë oor laserspektroskopie en is mederedakteur of 'n redaktsielid van 12 internasionale vaktydskrifte. 'n Landgenoot van hom, prof Boris L'Vov, het in dieselfde tyd die Departement Fisika besoek. Albei was in Suid-Afrika vir 'n groot mynboukongres in Johannesburg.



Dosent as navorser na VSA



Die United States Institute for Peace in Washington, DC, het 'n Stellenbosse dosent, prof Pierre du Toit van die Departement Politieke Wetenskap, genooi om vir 'n jaar by die instituut aan dié se "Innovierende projekte oor internasionale vrede en veiligheid" te gaan werk.

Hy is een van 15 genote wat aan die projekte werk. Die ander 14 kom van Amerika, Rusland, Israel en Indië of is aan die Verenigde Nasies verbonde. Hulle navorsing is gerig op vrede en veiligheid in verskeie wêrelddele en op breër onderwerpe wat internasionale vrede raak.

Afrika-streke is die onderwerp van twee projekte. Prof Du Toit vergelyk staatbou en die bevordering van die demokrasie in Suid-Afrika, Zimbabwe en Botswana. Mnr Bereket Habte Selassie van Ethiopië, 'n beampete van Eritreë, stel ondersoek in na hoe politieke en ekonomiese integrasie vrede in die Horing van Afrika kan bevorder.

M

Fisika-instituut betree nuwe era



Twee buitelanders, dr Bernd Schwesinger (links voor) en Petr Navratil (derde van regs agter) saam met instituutpersoneel en lede van die instituut se beheerkomitee toe dié vroeër vanjaar sy jaarvergadering gehou het. Voor is prof Fritz Hahne (naaslinks) voorsitter van die komitee, dr Karel Fouché, 'n hoofbestuurslid van die AEK, en dr Daan Reitmann, direkteur van die Nasionale Versnellersentrum by Faure, en (agter) proff Hendrik Geyer (naaslinks agter), direkteur van die instituut, asook Anthony Cowley (derde van links agter). Die ander instituutpersoneel op die foto is dr Frikkie Scholtz (links agter) en mnr Kurt Müller-Nedebock (vierde van regs agter) Evan de Kock en Nic Theron.

Die Instituut vir Teoretiese Fisika (ITF) - wat sedert sy ontstaan in 1984 reeds internationale aansien verwerf het - betree binnekort 'n nuwe era.

Vanaf 1993 gaan die instituut nie hoofsaaklik op die Atoomen-energie-korporasie (AEK) se befondsing aangewese wees nie. Die Genmin-Ontwikkelingstrust het onlangs die instituut se eerste privaatsktor-donateur geword en nog steun gaan uit die privaatsktor geverf word.

Prof Chris Engelbrecht, wat verlede jaar oorlede is, het die instituut met die AEK se borgskap en ondersteuning in die lewe geroep. Vanweë herstruktureering en rasionalisasie by die AEK word dié borgskap van nege jaar ongelukkig nou beëindig.

Die instituut se bestaande navorsings- en opleidingsprogram word met die fondse wat

individuele instituutlede van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) ontvang, asook die US se ondersteuning, voortgesit.

Die SNO se evalueringstatus van lede van die instituut (lees die berig op bl. 5) asook die aantal buitenlandse besoekers wat vir lang tye saam met lede van die instituut navorsing doen, weer-spieël die internationale erkenning wat die ITF se navorsingswerk - veral op die gebied van teoretiese kern- en deeltjefisika - geniet.

'n Onlangse besoeker is dr Bernd Schwesinger van Siegen, Duitsland, wat as deel van die US se amptelike besoekersprogram in die eerste semester vanjaar drie maande by die instituut deurgebring het. Afgesien van sy navorsing saam met instituutpersoneel het hy ook 'n intensiewe nagraadse kursus oor mediumenergie-kernfisika aangebied.

M



NATIONALLY INCORPORATING ELK.
DURR. A-GROUP. PARSONS. PEARSONS

Tel. (02231) 7-1205/6

Maak Stellenbosch u beleggingstuiste

Skakel ons vir professionele advies oor:

- verhurings
- woonstelle
 - huise
 - plase
- kleinhuewe

Senpergeboue, Pleinstraat

ONS MAAK WERK DAARVAN

Stellenbossers by groot wyn-, wingerdkongres

Prof Joël van Wyk, hoof van die Departement Wynkunde, en 'n Oud-Matie, dr Leopoldt van Huyssteen, senior programbestuder by die Instituut vir Wingerd- en Wynkunde op Nietvoorbij, Stellenbosch, was sprekers by die Vyfde Latyns-Amerikaanse Wingerd- en Wynkongres wat onlangs in Montevideo, Uruguay, gehou is.

Dit het met die 500-jarige herdenking van die Amerikas se ontdekking saamgeval. Daar was sowat 350 afgewaardigdes, onder meer uit die VSA, Frankryk, Spanje, Italië en die Suid-Amerikaanse wynboulande.

Prof Van Wyk se referaat het gehandel oor die invloed van gisting en veroudering in kontak met gismoer en eikehout op die chemiese samesetting en gehalte vanveral Chardonnay-wyn. Dr Van Huyssteen se lesing was oor grondbesturspraktyke waardeur 'n gunstige groeimedium vir wingerd geskep word en die effek

daarvan op druif- en wyngehalte. Hulle was ook in Chili waar hulle lesings aangebied het by 'n byeenkoms wat die land se Wingerd- en Wynkundevereniging spesial vir hulle in Santiago gereel het. Prof Van Wyk het twee lesings, oor die SA wynbedryf en oor aspekte van die eikehoutveroudering vanveral Chardonnay-wyn, gelewer. Dr Van Huyssteen het 'n lesing oor die grondvoorbereiding en bewerking vir wingerde aangebied. Al hul lesings in Suid-Amerika het baie belangstelling uitgelok.


Die Stellenbossers het ook wingerde en wynkelders in dié twee lande en in Argentinië besoek. In Mendoza in die hart van Argentinië se wynproduserende gebied het hulle die nasionale instituut vir wingerdbou en wynbereiding en die landbounavorsingsentrum se wynnavorsingsafdeling besoek. In al drie lande, maar veral in Uruguay, het die algemene

gebrek aan vernuwing en modernisering opgeval en was die agterstand teenoor Suid-Afrika veral by wingerd- en grondkundige praktyke opvallend. In sommige kelders is egter goeie vordering met beter wyntoerusting en tegnologie wat in die belowende gehalte van dié kelders se wyne weerspieël word.

Al drie lande, maar veral Chili, se wynprodusente bemark heelwat van hul wyne baie mededingend in Noord-Amerika en Europa waar Suid-Afrika nou weer sy eertydse uitvoermarkte probeer hervestig.

Die Suid-Amerikaanse vakkundiges en produsente wil graag meer van die Suid-Afrikaanse wingerden wyntegnologie weet. Toenameende probleme in hul wingerde kan hulle binnekort by Suid-Afrika om hulp laat aanklop.

M



Prof Van Wyk



Dr Van Huyssteen

Aangewese rektor kry regte-das

10

Mev Marietjie Chin, 'n dosent in die Fakulteit Regsgeleerdheid, het een van die fakulteit se nuwe dasse aan prof Andreas van Wyk, Viserekotor: Bedryf, oorhandig. Hy is 'n ouddekaan van Regsgeleerdheid en word vanaf Julie 1993 die eerste dosent uit dié fakulteit om die US-rektorspos te beklee. By hulle is prof James Fourie, die huidige dekaan.

Die nuwe das is vir almal wat minstens LL.B. aan die US behaal het. Mev Chin was vir die das se ontwerp verantwoordelik. Navrae hieroor by haar, ☎ 02231-773196.



Suid-Kaapse kusekologie onder die soeklig

Die Mazda-Natuurlewefonds het 'n vierwelaangedreve Mazda 2600-bakkie aan die Departement Botanie beskikbaar gestel om met 'n navorsingsprojek oor landverbruikspatrone en die kusplante-groei in die Stilbaai-omgewing te help.

Dr Charlie Boucher van die departement lei die projek. Dit word in die gebied tussen die Duivenhoksrivier en Grootjon-

gensfontein, suid van die Blombospad, gedoen.

As deel van die projek word bewaringsgesikte gebiede en gevoelige habitatte geïdentifiseer en bestuursvoorstelle hieroor aan bewaarders, grondeienaars en die Departement van Landbou gedoen.

Daar is verlede jaar met die projek begin en dit behoort teen einde 1993 afgehandel te wees.

Dit vorm deel van mnr Peet Botes se M.Sc.-studie.

Langs die hele Kaaplandse suidkus is daar bykans geen gedetailleerde plantegroei-opnames gedoen nie, sê dr Boucher. In die afgelope vyf jaar het plaas- en kleinhoewe-huise langs hierdie kus baie toegeneem. "Maar basiese inligting oor dié kus-ekosisteme is ontoereikend vir 'n realistiese besluitneming oor die aanvaarbaarheid van sulke geboue."



Prof Andreas van Wyk (regs) het as Viserektor (Bedryf) vroeër vanjaar die Mazda-bakkie wat vir die kusekologie-navorsing gebruik word namens die US in ontvang geneem. By hom is van links, dr Douglas Hey, bekende natuurkundige en ouddirekteur van Natuur- en Omgewingsbewaring in Kaapland, mnr Tony Tidbury, Direkteur en Hoofbestuurder van die MMI-afdeling by Samcor, en dr Alan Heydorn, omgewingskonsultant en 'n ouddirekter van die SA Natuurstigting.

Dr Boucher sê die onoordeelkundige benutting van die kusgebiede maak dit boonop 'n al hoe skaarser hulpbron.

Dit is ook nie bekend hoe erg uitheemse indringerplante dié kus besmet nie. "Dis nodige, belangrike inligting vir die oordeelkundige bestuur van ons kusgebiede."

Die gebied wat met dié projek bestudeer word, is deel van die Fynbosbiom, wat weer inskakel by die Kaapse planteryk - die kleinste maar rykste wat aantal spesies per oppervlak-eenheid betref, en waarskynlik die mees bedreigde, van die wêreld se ses planteryke.

Die projek is ook deel van 'n groter studie wat die Departement Botanie aangepak het om die hele Kaapland se kusplante-groei te ondersoek.

M

Maties na kongres



Nagraadse studente in Landbou-ekonomiese-vereniging van Suid-Afrika het die Landbou-ekonomiese-vereniging van Suid-Afrika se jaarkongres op Mont-Aux-Sources, Natal, bygewoon. Voor die kongres het die studente 'n weeklange studiebesoek aan Suid- en Oos-Kaapland, Ciskei, Transkei en Natal gebring. Vanjaar se kongrestema was Voedselsekuriteit en Streekshandel. Die studente wat saamgetoer het is hier saam met hul toerleier, dr André Myburgh (vierde van regs). P. Andrag & Seuns en die SA Droëvrugte-koöperasie het die toerkoste geborg.

Die Maties het die Hops-navorsingsinstituut asook die Outeniqua Landbou-ontwikkelingsentrum van Suid-Afrika by George besoek, asook plase in die Gamtoosvallei, 'n landbou-ontwikkelingsprojek in Ciskei, 'n suikerneul-plaas en navorsingsinstituut by Mount Edgecombe, Natal, en 'n besproeiingsplaas by Bergville.

11


14 dosente tree vanjaar af



Prof Jonker



Prof Verwoerd



Prof Wassermann



Prof Kabat

Agt professore, onder wie 'n dekaan en 'n gewese dekaan, asook ses ander dosente tree vanjaar by die Universiteit af. Hulle is:

Prof W.D. (Willie) Jonker tree af as professor in Dogmatiek, 'n pos wat hy sedert 1971 beklee. Hy dien sedert 1987 in die US-Raad en was by geleentheid Dekaan van Teologie.

Prof W.J. (Wilhelm) Verwoerd tree af as professor in geologie. Hy beklee dié pos sedert 1972 en was verskeie tydperke voorsitter van die Departement Geologie.

Prof H.P. (Bok) Wassermann tree af as Dekaan van Geneeskunde. Hy is 'n stigter-dosent van die fakulteit, waaraan hy sedert 1961 verbonde is. Hy het in 1972 professor, in 1981 mededekaan en in 1984 dekaan geword.

Prof L.J. (Laurence) Kabat tree af as hoof van die Departement Italiaans. Hy is sedert die departement se ontstaan in 1975 as professor daarvan verbonde.

Prof C.G. (Corné) de Vries tree af as hoof van die Departement Fundamentele en Historiese Opvoedkunde. Hy is sedert 1977 in dié pos.



Prof De Vries



Prof du Preez



Prof Grosskopf

Prof L.A.V. (Lourens) Hiemstra het vroeër vanjaar as professor in Ingenieurswese in die Afdeling Waterbouwkunde, Departement Siviele Ingenieurswese, afgetree. Hy was sedert 1971 aan die US verbonde en het in 1980 professor geword.

Prof Jannie du Preez tree af as hoof van die Departement Sendingwetenskap. Hy het in 1975 'n US-dosent en in 1982 professor geword.

Prof H.J. (Johannes) Grosskopf tree as hoof van die Departement Joernalistiek - 'n pos wat hy sedert 1984 beklee.

Ander US-dosente wat einde vanjaar aftree of afgetree het, is mngr Boudewijn Scholten van die

Departement Musiek en mngr G.C. (Gert) Kriek van die Departement Meganiese Ingenieurswese, wat albei sedert 1961 aan die Universiteit verbonde is; dr J.A. (Koos) Brink van die Departement Chemie, wat sedert 1966 aan die US verbonde is; mej Elizabeth Heyns, wat sedert 1974 as sangdosent aan die Departement Musiek verbonde is; en dr M.S. (Marie) Odendaal, wat sedert 1987 aan die Departement Engels, Fakulteit Opvoedkunde, verbonde is, en mngr G.A.G. Bredell (Departement Mensen Dierfisiologie, sedert 1971).

Twee professore wat vanjaar uit die Universiteit se diens getree het, is dr Vos Hattingh, direkteur van die gewese Buro vir Meganiese Ingenieurswese (BMI) wat 28 jaar aan die US

verbonde was, o.m. as professor vanaf 1971, en prof Laurie Ackermann, sedert 1987 die eerste bekleer van die Harry Oppenheimer-leerstoel in Menseregte, wat as regter aangestel is.

SENIOR NIE-AKADEMICI

Onder die senior nie-akademiese personeel wat vanjaar by die Universiteit aftree of afgetree het, is mnre A.D. Geldenhuys (van Bou- en Instandhouding, wat sedert 1963 by die US was), D.J.M. (Jannie) van Eyk (hoof, Aankope en Voorsieningsdienste, sedert 1965); G.J. Moolman (hoof, Tuine en Terreine, sedert 1972); en J.D. (John) du Toit (Sportburo, sedert 1974 aan die US).

M

Top-akademikus uit Brittannie



Sir David Williams, visekanselier van die Universiteit van Cambridge, het die US onlangs besoek. Hy is hier (links) saam met lady Williams by prof Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, voor die Administrasiegebou. Sir David en lady Williams het onder meer die J.S. Gericke-biblioteek besoek en met 'n aantal US-akademici gesels. Die Britse konsulaat in Kaapstad het die besoek gereel. Prof De Vries was in Oktober 1989 sir David se gas by die Universiteit van Cambridge.

SR-klub vereer dr Craven

Die Klub van Oud-studenteraadsvoorsitters van die US het op sy negende jaarvergadering onlangs op Stellenbosch 'n goue

erepenning saam met 'n oorkonde aan dr Danie Craven oorhandig.

Die toekenning is vir Oud-Maties

wat oor 'n lang tydperk hoogstaande en voortreflike diens aan die Universiteit en die breë Suid-Afrikaanse samelewing gelewer het. Dr Craven, wat nie 'n klublid is nie, was die geleentheidspreker by die klub se jaarvergadering. Hy het gesê dit is vir hom 'n buitengewone eer om die toekenning te ontvang. Prof Andreas van Wyk, Viserekotor (bedryf) het as waarneemende rektor die klubledle oor bedrywighede aan die US toege spreek.

Dit is slegs die tweede keer dat die klub so 'n toekenning doen. Die eerste keer was aan prof J.G. (Gans) Meiring. Dit is na sy dood deur sy seun, Kaaplandse Administrateur mnr Kobus Meiring, in ontvang geneem. Prof Meiring was die Maties se SR-voorsitter in 1921 en was met sy dood in 1991 erepresident van die klub.



Dr Danie Craven ontvang die goue erepenning van die klubvoorsitter, prof Danie du Toit.

Sedert universiteitswording in 1918 was daar 74 Matie-SR-voorsitters, waarvan 52 nog lewe. Onder die klublede is verskeie bekende openbare persoonlikhede. Die oudste oudvoorsitter is prof Ben Marais van Pretoria, 'n bekende teoloog, wat die 1933-voorsitter was. Na hom kom dr Beyers Naudé van Johannesburg (1937-voorsitter), asook mnre Flip la Grange (1938) van Durbanville, Jan Haak van Bellville (1939) en Koos Badenhorst van Pretoria (1940).

Die klub funksioneer in samewerking met die Afdeling Openbare Betrekkinge en probeer om 'n diens aan die Universiteit en sy bestuur te lewer. Prof Danie du Toit, 'n Kweekskooldosent wat die 1964-SR-voorsitter was, is die klubvoorsitter. Prof Marais is die erepresident.

Prestigious German institute on campus

The University's increasing involvement with foreign academic institutions gained further impetus when the internationally renowned Goethe Institute presented a training seminar on the Matie campus.

The specialised seminar in testing and examining German as a Foreign Language was presented by the Goethe Institute in collaboration with the Co-ordinator: Education of the German Embassy in South Africa and with the University's German Department.

This was the first time that the renowned Goethe Institute, from Munich, Germany, had been involved on such a scale in this region. The Institute does not have a branch in Southern Africa.

Thirty delegates teaching German as a foreign language were invited to the seminar. Some of them were from Zimbabwe and Namibia. The aim of the seminar was to familiarise participants with the Goethe Institute's examinations and to prepare them to conduct these examinations themselves. This will eventually enable training institutions in Southern Africa to conduct the examinations and to issue the relevant certificates and diplomas.

The Institute promotes German in foreign countries and co-operates in the cultural sphere with other countries. It is the largest organisation of its kind in the world and, apart from 16 institutes in Germany itself, it maintains 157 branches in 73 countries.

Last year about 110 000 people took the Institute's courses and 57 500 teachers of German attended its training seminars. In addition the Institute presented an

extensive cultural programme consisting of over 13000 conference papers, musical and theatrical performances, film shows, etc.

M



At the Goethe Institute seminar on the Matie campus were, from left, Prof Rainer Kussler, who heads the German Department at Stellenbosch, Mrs Marianne Zapfen-Thomson of the German Department at the University of Namibia, Mr Michael Clemens of the Goethe Institute in Germany and Mr Reimer Kuhlmann, Co-ordinator: Education of the German Embassy in Pretoria.

Researchers develop new TB test

14

Medical researchers at the University have developed a new diagnostic technique for tuberculosis (TB). Indications are that this will become the new standard for TB diagnosis, once the implementation in routine diagnostic laboratories has been fully evaluated.

In spite of worldwide efforts to combat this respiratory disease, TB is believed to affect over one third of the world's population.

"Sensitive and specific diagnostic tools are essential to combat the spread of the disease," says Dr Paul

van Helden, who co-developed the technique with Dr Thomas Victor, both from the Centre for Molecular and Cellular Biology at the Faculty of Medicine.

The method centres on DNA amplification, using the Polymerase Chain Reaction (PCR). Unlike other methods using PCR, this technique avoids DNA extraction which makes it suitable for routine diagnosis of sputum samples.

The results are available within 12 to 48 hours, compared with the



current standard, a culture-based system, where diagnosis can take from one to eight weeks. Initial results suggest that PCR TB diagnosis is more sensitive than other laboratory-based tests.

Dr Paul van Helden and Dr Thomas Victor, who co-developed the new diagnostic technique for TB.

M

Oorsese kenners by Tygerberg

Twee buitelandse akademici het die Eenheid vir Reproductiewe Biologie, Departement Ginekologie en Verloskunde, vanjaar besoek om navorsingskennis uit te ruil. Hulle is dr Johan Rhemrev van die Vrije Universiteit, Amsterdam, en prof Jim Swanson van die Jones Institute, Eastern

Virginia Medical School, VSA.

Dr Rhemrev doen onder meer baanbrekerswerk oor die invloed wat 'n tekort aan vitamine C op vrugbaarheid kan hê. Hy het raakpunte tussen sy werk en die eenheid s'n gesien en betrekkinge daarmee aangeknoop toe hy aan sy

doktorsgraad gewerk het en nadat hy prof Thinus Kruger, hoof van die eenheid, in Washington ontmoet het.

'n Amsterdamse organisasie, Stichting Moederland-Suid-Afrika, wat poog om mense met Nederlandse voorgeslagbande te ondersteun, het dr Rhemrev se besoek aan die US deels geborg. Hy stam van Hugenote-voorouers wat na Roemenië gevlug het en hul naam (Vermehr) om veiligheidstredes omgedraai het. Die Rhemrevs is daarna na Indonesië en ná die Tweede Wêreldoorlog weer terug na Nederland.

Prof Swanson is direkteur van die Jones-instituut se andrologie-laboratorium en ook direkteur van die embrioniese laboratorium van die Departement Biologiese Wetenskappe aan die Old Dominion University. Dié twee laboratoriums

werk saam. Prof Swanson het die Eenheid vir Reproductiewe Biologie vir agt weke besoek. Die eenheid is by die Tygerberg-hospitaal gesetel.

Prof Swanson het kwaliteitsbeheer en navorsingstegnieke by Tygerberg ondersoek en met dr Rolf Menkveld, die direkteur van die Andrologie-laboratorium saamgewerk. Hy het ook fisiologie-, sitologie- en endokrinologie-lesings aangebied.

Hy doen onder meer belangrike werk met mikro-inspuitings. Embrio-biopsies evalueer die DNA-status van 'n embrio en soek na geboortedefekteprobleme in die gene. Dit vereis mikro-chirurgie en prof Swanson het sy eie toerusting gebring om die Tygerberg-hospitaal s'n aan te vul sodat hy 'n mikro-inspuitingseksperiment kon opstel.

M

Rooi Sjinese besoekers



Die Universiteit is onlangs vir die eerste keer formeel deur 'n afvaardiging uit Rooi Sjina besoek toe drie lede van die Sjinese Instituut vir Hedendaagse Internasionale Betrekkinge by prof Andreas van Wyk (naaslinks) as waarnemende Rektor en Visekanselier besoek afgelê het. Regs is prof Walter Claassen, die Direkteur van Navorsing. Die drie besoekers is (van links) mnr Zhu Zhonggui, Meng Qingzai en Zeng Qiang. Mnr Zhu is 'n senior genoot en die adjunkdirekteur van die instituut se program oor derdewêrldstudies. Mnr Meng en Zeng beklee ook albei senior navorsingsposte in die instituut. Mnr Zeng is 'n regsgelerde met 'n meestersgraad in die regte.

S e n t r u m t u s s e n w i n g



Die ruim eetkamer, waar drie etes elke dag vir seminaargangers en oornagbesoekers verskaf word.



Die U.S.-Seminaarsentru

In 'n rustige, landelike omgewing, tussen die wingerde sowat 13 km van die kampus af - en waar 'n mens dit seker die minste verwag - word konferensies, kongresse, seminare en opleidingsessies die heel jaar deur aangebied. Die US-Seminaarsentrum beskik oor gerieflike oornag- en onthaalgeriewe en is met uitstekende konferensiefasilitete toegerus.

Die Seminaarsentrum is met opset weg van die kampus af gebou, en nie byvoorbeeld op die Vergenoeg-ontspanningsterrein langs Coetzenburg nie, om die sogenaamde "eiland-situasie" te verkry waar 'n mens sonder steurings kan vergader of opgelei word.

Seminaar- en konferensieberiewe is nodig omdat daar deurentyd - veral gedurende die akademiese jaar - 'n behoefte daaraan is terwyl die US-lesing-lokale en -koshuise dan beset is.

Die sentrum kan maklik bereik word - dit is slegs sowat 25 km vanaf die D.F. Malan-lughawe of Kaapstad se noordelike stadsgebiede, 40 km van Kaapstad se middestad en 15 km van Somerset-Wes. Dit is suidwes van die kampus, aan die Annandalepad wat maklik bereikbaar is vanaf die pad na Somerset-Wes en dié na die N2-hoofweg.

'n Wye verskeidenheid gebruikers daag by die sentrum op, van Matie-groepe en US-personeel tot allerlei instansies buite die Universiteit wat die sentrum



Verskillende groottes seminaarkamers is beskikbaar.

huur. Meer as die helfte van die gebruikers is van buiten die Universiteit.

'n Belangrike kerk-moderatuursvergadering, die kongres van 'n groot politieke party, 'n wetenskaplike konferensie en 'n nasionale studenteraadskonferensie is onder meer vanjaar daar gehou.

Sommige gebruikers, veral studente en personeel, benut net die seminaar- en onthaalgeriewe bedags, terwyl individue en toergroepe soms net die sentrum as oorslaapplek gebruik.

Volgens mmr Johnnie Viljoen, die bestuurder, is die kommentaar meestal baie gunstig. Die sentrum, wat in 1988 in gebruik geneem is, is modern

er d e ' n g r o o t s u k s e s



m s e g e b o u e k o m p l e k s .



Uit die sitkamervensters het 'n mens 'n mooi uitsig op die berge en omliggende please



Vir "wegbreeksessies" is daar 'n aantal kleiner lokale.

en gerieflik. "Ons konferensie-geriewe is veral uitmuntend en vergelyk baie goed met enige ander konferensiesentrum in dié deel van die land, byvoorbeeld by groot hotelle in Wes-Kaapland," sê mngr Viljoen.

Die sentrum bied dubbelkamers aan 56 mense, of enkelkamers vir 28. Die eetsaal verskaf drie etes per dag. Daar is ook 'n sitkamer en klein kroegie en 'n "lapa" waar 'n vleisbraai, sjampanje-ontbyt en ander etes buite verskaf word.

Die sitplekke in die seminaarkamers kan op verskillende maniere gerangskik word om by die getalle of die aard van die besprekings te pas.

'n Aantal klein sitkamers is vir groepbesprekings (wegbreek- of spanbousessies) beskikbaar, en dien saans as ontspanningskamers.

Al die nodige beeld- en klanktoerusting wat 'n mens by so 'n sentrum verwag, is daar beskikbaar. Al die konferensielokale het lugreëling. Volop parkeerplek en veiligheid is nog van die byvoordele wat so 'n sentrum weg van die stadsgewoel 'n mens bied. Daar word ook vir rolstoelgebruikers voorsering gemaak.

Konferensiegangers wat daar oorbly, gaan draf graag in die mooi plaasomgewing. 'n Drieputjie-ghofbaan en ander ontspanningsgeriewe word beplan.

Nadat die Universiteit vir die aanvanklike oprigtingskoste betaal het, is die sentrum nou heeltemal selfonderhouwend. Selfs die personeelsalarisse en die instandhouding van geboue en toerusting word uit die sentrum se wins verhaal.

Die billike tariewe, ideale ligging en uitstekende geriewe bring mee dat die sentrum besprekings tot 'n jaar vooruit ontvang.

Mense of organisasies wat die sentrum wil gebruik, kan in verbinding tree met mngr Johnnie Viljoen, tel. 02231-93439. M

Lesings vir die publiek



Die Departement Semitiese Tale en Kulture, wat in 1993 tot Ou Nabye Oosterse Studies herdoop word, het vanjaar 'n aantal openbare lesingprogramme aangebied.

Dr Sakkie Cornelius en myr Stewart Watson het 'n reeks van agt lesingmultibeedprogramme, *Egypt Experience*, in die Oude Libertas-ouditorium gehou. Prof Ferdinand Deist, departementshoof, en dr Cornelius het ses

lesings oor "Genesis 1-11: 'n Ou Nabye Oosterse verhaal", op die campus aangebied.

In Oktober was daar drie programme: 'n Driedaagse Hebreeus-opfrissingskursus vir predikante waarby al die departementslede betrokke was, die eerste F.C. Fensham-gedenklesing (wat prof Deist oor "Salman Rushdie en die verhale van die Ou Nabye Ooste" gelewer het) en 'n reeks van ses lesings

oor die Dooie See-rolle deur dr Johann Cook in Kaapstad aangebied.

Op die foto links is prof Deist met die gedenklesing saam met myr Yvonne Fensham, weduwe van wyle prof Fensham.

Mense wat vooraf van sulke programme wil hoor, kan skryf aan die departementshoof, of 02231-773203 skakel.

Computers unravel ancient messages



Swiss Matie Mr Jürg Eggler (front) using "Iconbase" for his research into ancient Near Eastern iconography and art. With him is his study leader, Dr Sakkie Cornelius.

Two Master's degree students, Mr Martin Klingbeil from Germany and Mr Jürg Eggler from Switzerland, have developed a picture database for ancient Near Eastern iconography and art, called "Iconbase."

This resulted from the research for their M.A. theses in the Department of Semitic Languages and Cultures (to be renamed the Department of Ancient Near Eastern Studies from 1993). Their research deals with stamp seals from the early Israelite period (12th to 11th century B.C.) and the Persian period (6th to 4th century B.C.). They are studying under the supervision of Dr Sakkie Cornelius.

Stamp seals were used to seal containers and documents, and were also carried as amulets. Seals are the oldest means of mass communication. To date, thousands of seals have been found in the Near East (Biblical world).

The volume and content of the sources require an electronic data-

base that is able to handle *pictorial information* instead of relying on an inefficient card file system. Since the researcher is dealing with visual sources, an electronic database should also include the image itself.

Two basic issues were addressed in the project: the development of a methodology for a structured image description, as well as the programming of the picture database.

As a graphical search procedure has not yet been fully developed, the only viable method by which a database can find a complex image is by using a content description. The structured image description employed in Iconbase breaks down the image into its constituent *elements*, and then describes the *modifications* of the individual elements.

M

US word 75

Op 2 April 1993 sal dit presies 75 jaar wees sedert die Victoriakollege in 1918 die Universiteit van Stellenbosch geword het. Die driekwarteeufees gaan gevier word met 'n spesiale gradeplegtigheid op 2 April, wanneer daar onder meer 'n aantal eredoktorsgrade toegeken gaan word.

Daar leef nog baie min Oud-Maties wat aan die Victoriakollege gestudeer het. Die Universiteit het nie almal se name en adresse nie. As u een van hulle is, of weet van so iemand, moet u asseblief in verbinding tree met die Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit, Stellenbosch, 7600; ☎ 02231-774851.



Mr Martin Klingbeil

Biblioteekdiens vir die privaatsektor



Mej Elize Blaauw (naasregs) van Reutech Radar Systems, 'n infobank-gebruiker, by my Johan Engelbrecht, Adjunkdirekteur van die J.S. Gericke-biblioteek, en myv Delene Pretorius en Carine Tymbios, wat Infobank bedryf.

Die Universiteitsbiblioteek en die Bestuurskool het saamgespan om Infobank, Wes-Kaapland se eerste omvattende kommersiële inligtingsdiens, in te stel.

Infobank bied vir die privaatsektor toegang tot die biblioteek se halfmiljoen boeke, die 7'000 koerante en tydskrifte waarop hy ingeteken is en sy groot regs- en staatspublikasieversamelings - en deur rekenaarsoektogte bied dit selfs toegang tot van die wêreld se groot inligtings-databanke in die VSA en

Switserland, nl. Dialog, Wilsonline en Datastar.

Die biblioteek is 'n omvattende inligtingsentrum. Infobank-lede het dus toegang tot akademiese en tegniese materiaal oor alle onderwerpe.

Die diens het vroeg in 1991 ontstaan - hoofsaaklik vanweë versoek uit die privaatsktor. Tegnopolis se onstaan op Stellenbosch in 1988 het die behoefte aan 'n

inligtingsdiens vir instansies buite die US verder beklemtoon.

Infobank het nou 'n twintigtal lede en daar is al hoe meer belangstelling. 'n Lid kan self by die biblioteek of per faks of telefoon navrae doen. Die biblioteek spoor nie net die inligting op nie maar lever ook afskrifte van die betrokke dokumente.

Die klem is op 'n persoonlike, akurate en vinnige diens. Inligting word uitgesoek en gesif sodat die kliënt net kry wat hy wil hè.

Verder bied Infobank uitleendienste, interlenings (met ander biblioteke in Suid-Afrika en in die buitenland), patentlewering, naslaandienste, aktualiteitsdienste en rekenaarsoektogte. In teenstelling met die publiek - wat teen vergoeding by die biblioteek mag aansluit al is hulle nie US-studente of -personeel nie - word inligting vir Infobank-lede gesoek. Relevante biblioteekmateriaal mag uitgeneem word en fotokopieë van tydskrifartikels word gemaak en aan die kliënt gepos indien dit nie afgehaal kan word nie.

Infobank-gebruikers benodig meestal Suid-Afrikaanse inligting, waarvan baie deur Sabinet, Jutastat en McGregor's Online verkry word.

Op Sabinet, die SA bibliek- en inligtingsnetwerk, is 'n verskeidenheid inligting beskikbaar, soos die indeks van SA tydskrifartikels, 'n besitlys van tydskrifte en boeke in Suid-Afrika en 'n indeks van tesisse en verhandelings.

Jutastat is die SA regsondeks, beskikbaar op 'n laserskyf. McGregor's Online bevat inligting van alle maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is.

Stellenbosch Boerewynmakery, een van Infobank se aktiefste lede, sê sy lidmaatskap bied vir hom teen 'n billike koste maklike toegang tot inligting. "Ons het nou vir die eerste keer toegang tot internasionale databasisse soos Dialog en CD-Rom's. Dit is inligting wat heeltemal ontoeganklik sou wees vanweë die beperkings wat 'n klein biblioteek se begroting inhoud."

M

Kenner van dinosouriërs by Soölogie



Dr David Norman (middel) van die Universiteit van Cambridge is 'n wêreldkenner van dinosouriërs wat 'n lesing oor dié reuse-oorreptiele aangebied het terwyl hy die Departement Soölogie onlangs besoek het. By hom is dr Jurie van den Heever van die departement en dr Gillian King, voorheen van die Oxford-universiteit en nou van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad. Dr Norman se

onlangse boek "Encyclopedia of Dinosaurs" is reeds 'n handboek vir universiteits-kursusse en sy nuutste boek, "Dinosaur," was vanjaar op die kortlyk vir Wetenskapboek van die jaar in die Verenigde Koninkryk.

1938-kys lei tot goue bruilof



Miriam en Barry (met sy Oud-Matiesbaadjie) op hul goue bruilof

Barry Blommaert en Miriam Bosman se Matie-studentekys het in 1938 begin en meer as 'n halfeeu later "hou" dié kys nog! Hulle is in 1942 getroud en het hulle goue bruilof in Julie vanjaar gevier.

Reünies Oud-Maties in Duitsland



Mnr Blommaert, 'n bekende oud-Springbokkie, en sy vrou het as tweedejaarstudente in 1938 op Stellenbosch ontmoet. Op 7 Julie 1942, die jaar nadat albei afgestudeer het, is huile op Carnarvon getroud.

Nadat hulle sowat tien jaar aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege skoolgehou het, is hulle in 1952 Oos-Londen toe waar hulle saam aan die Tegniese Kollege en later die Hoër Handelskool verbondes was tot hulle in 1979 afgetree het. Hy was daar lank die Oud-Matiesbond-voorsitter.

Sedert 1989 woon hulle op Newcastle, naby hul dogter, mev Rose-Marie Adendorff.

M

'n Vyftiental Oud-Maties in Duitsland het onlangs 'n saamtrek in Bonn bygewoon, wat in die SA ambassade se tuin gehou is. Proff Chris Kapp, Direkteur van die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys, en Cas Terreblanche, Direkteur van die Buro vir Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwys, wat albei op 'n studiereis in Europa was, het vir die Oud-Maties 'n kort paaftjie en 'n videovertoning oor die US aangebied. Hulle is hier, middel voor, by die groep Oud-Maties.

... en in London



Proff Kapp en Terblanche het tydens dieselfde reis in die buitenland ook opgetree by 'n Oud-Maties-saamtrek wat in Suid-Afrikaans in Londen gehou is. Sowat 50 mense was by dié saamtrek.

Walvisbaai



By 'n Oud-Maties-saamtrek op Walvisbaai was (bo) Pierre Rocher, Marisu Rabie en Ria Kirster.

Koshuis stig alumnivereniging



Gold Fields Alumni is onlangs gestig om skakeling tussen al dié koshuis se oudinwoners te bevorder en om betrekkinge met die huidige inwoners uit te bou. Die bestuurslede is (agter) John Oktober, Ernest Carelse, die voorsitter, en Courtenay Andrews, en (voor) Robert October en Gramville Smith. Belangstellendes kan met Ernest Carelse in verbandtree by posbus 629, Worcester, 6849; 0231-28502/20472.

Oud-Dagbreker-Bond

Oud-Dagbrekers kan met die oog op dié koshuis se driekwarteeufees in 1996 aansluit by die Oud-Dagbreker-Bond. Skryf aan die sekretaris van die bond, Dagbreek, Stellenbosch

S w a k o p m u n d



Die drie mense wat die Oud-Matie-saamtrek vroeër vanjaar op Swakopmund gereel het, is (van links) Petrus van der Merwe, Jamie Pretorius en Marinette Dames. By hulle is Hannes de Jongh van die Afdeling Openbare Betrekkinge, US, en Johan Fechter, Direkteur van Openbare Betrekkinge.



Marianna Johns, Marianna Nel, Hillie Horsthemke en Astrid Bergmann is almal oudinwoners van Irene wat by die Swakopmund-reünie was. Hillie se dogter is nou in Irene.

D u r b a n



Prof Andreas van Wyk en mev Magdaleen van Wyk was as aangewese US-rektorspaar die eregaste by 'n saamtrek wat die Durbause Oud-Matiefond gehou het. Hy is hier (middel) by van sy oud-regstudente, Inus Marais, Doug Wade, Piet Breytenbach, Lauren Buys, Di Franken, en Theoff Botha. Piet en Theoff was van Port Shepstone afby die saamtrek.



Mev Magdaleen Van Wyk (links) saam met Connie Oosthuizen, Karin Kelder en Helen Marais by die saamtrek in Durban.

Hortologie word 75 jaar oud

Die Departement Hortologie wil sy driekwarteeufees in September 1993 met 'n simposium en 'n reünie vier. Oudstudente van die departement word gevra om hul name en adresse (en dié van hul klasmaats) te stuur aan mnr Koos Lötter, Krommerivierstraat 36, Stellenbosch, 7600; ☎ 02231-774900; faks 774336.

V r e d e n d a l



Die Rektorspaar, prof Mike en mev Renéé de Vries (middel) as eregaste by die Vredendalse Oud-Matiesaan trek saam met Leon Rousseau, Riëtte de Waal, Ruanda Vorster en Hannes de Jongh (Openbare Betrekkinge, US).

. . . en Irene word 30

Irene vier volgende jaar sy 30ste bestaansjaar. 'n Reünie word beplan vir die naweek van 26 - 28 Maart 1993. Alle oudinwoners van Irene wat die reünie wil bywoon, kan hul name en adresse stuur aan: Amanda Grawe, Irene, Victoriastraat, Stellenbosch, 7600.

Acáma tree uit by US-koor

Acáma Fick gaan in April 1993 na meer as agt jaar as Universiteitskoor-dirigent uittree. Sy lei dié bekende koor sedert die begin van 1985.

Mej Fick, wat van 'n deel van haar pligte as dosent aan die US-Konservatorium vrygestel is om die dirigentskap van die Universiteitskoor te behartig, sal voortaan weer 'n voltydse akademikus wees. Sy wil egter die Stellenbosch-Kamerkoor, wat sy in Maart vanjaar gestig het, se dirigent bly.

Mej Fick het die Universiteitskoor oorgeneem by prof Johan de Villiers, 'n US-wiskundedoosent, wat dit ook agt jaar gedirigeer het. Sy voor-ganger, wyle prof Philip McLachlan, eertydse hoof van die Departement Skoolmusiek, het die koor 21 jaar gedirigeer. Hy was in 1936 'n stigterslid daarvan.

Mej Fick en prof De Villiers was albei lede van die koor terwyl prof McLachlan die dirigent was.

Die Stellenbosse Universiteitskoor was in die afgelope dekades 'n

belangrike invloed op die Suider-Afrikaanse koortoneel. Talle oudelede van die koor het dirigente van kerk-, skool-, kollege-, universiteits- en ander kore geword.

Acáma Fick se koorleiers-loopbaan het in 1969 by die Stellenbosse Hoër Meisieskool Bloemhof begin. Dit het gou een van die beste skoolekore in die land geword en het in die vroeë sewentigerjare 'n landwye SAUK-kompetisie vir hoërskoolkore gewen. As US-dosent sedert 1976 stig sy in 1978 die US-Dameskoor, wat sy tot 1982

gedirigeer het en waarmee sy hoë lof ingeoes het.

Sy het uitgebreide studiereise in Europa, Skandinawië en Brittanje onderneem om met die toonaangewendste dirigente daar se werk op hoogte te kom. Haar leierskap van die Universiteitskoor is gekenmerk deur die uitbreiding en verdieping van die koor se repertoire, aandag aan detail en vokale tegniek, en die integriteit en idealisme waarmee sy die koor ook as 'n musiekopvoedkundige geleentheid vir die koorlede beskou.

M

Koor se 1ste CD vrygestel

Die Universiteitskoor het onlangs sy eerste kompakskyf uitgereik. Dit bevat opnames van die koor se Europese toer in Januarie 1991. Hier oorhandig die dirigent, mej Acáma Fick, een van die kompakskywe aan die Rektor en Vicekanselier, prof Mike de Vries. By hulle is mnr John Ivor Pullin (links), koor- en orkesorganiseerder van die US, en prof Jan du Toit, wat die lewende opnames op die toer gemaak het. Prof Du Toit is sedert die sewentigerjare al betrokke by langspeelplate wat die koor vrygestel het.

Die nuwe CD bevat 29 werke. Dit wissel van komposisies deur onder meer Byrd, Gallus, Monteverdi, Mendelssohn, Poulenc en Bernstein, werke deur die Stellenbosse komponiste Hubert du Plessis en Pieter de Villiers, asook 'n aantal volksliedere in Afrikaans, Sweeds, Duits, Bernees-Switsers, Nederlands, Flaams, Sesoeoe en Xhosa.

Die opnames is gekies uit die koor se optredes in die St Odille-katedraal in Parys, die Kloosterkerk in Den Haag, die Whitehall-saal en St Albans-katedraal in London en die Sint Carolus Borromeus-katedraal in Antwerpen. Op die voorblad van die CD-program is 'n foto van die US-koor in die indrukwekkende Whitehall-saal.

Slegs 'n beperkte oplaat van die CD is vrygestel. Dit kos R50 elk (BTW en versending ingesluit) en kan bestel word by mnr J. Ivor Pullin, Konservatorium, Universiteit, Stellenbosch, 7600; ☎ 02231-772343.



Oudste oud-Bokke almal Oud-Maties

Dok Craven vertel van goue era in US-rugby



Die Maties se 1930 eerstespanfoto, met Danie Craven tweede van links heel voor. Inlaafoto's: G. Daneel en J.G.J. Krieger. Agter: André McDonald, S.P. van Wyk, A.W. Retief, A.H. Engelbrecht, D.J. Malan, J.P. van der Merwe en A.L. Prinsloo. Middel: I. Townsend, C.H. Boshoff, mnr A.F. Markötter (president), J.J. Gerber (kapt.), mnr A.W. van der Horst, G.S. Brink en J.H. van der Westhuizen. Voor: R. Cluver, D. Craven, C.J. Louwrens en F.R.J. Söhlme.

Deur George Gerber, van Rapport

Van dr Danie Craven se rugby-spanmaats op Stellenbosch tussen die jare 1929 en 1935 is talle reeds oorlede.

Interessant is egter dat Suid-Afrika se oudste groep lewende Springbokke, ds George Daneel (die heel oudste), P.K. Morkel en J.C. van der Westhuizen, wat al drie hul Springbok-debuut in 1928 teen die All Blacks gemaak het, en Ponie van der Westhuizen en Danie Craven, wat albei in 1931 vir die toer na Brittanje Springbokke geword het, almal saam vir Maties op Stellenbosch gespeel het.

Daneel, een van die grootste Springbokflanke in die geskiedenis, woon deesdae in Pretoria en Windhoek. J.C. woon op George, sy broer Ponie in Springs, en P.K. en Craven woon op Stellenbosch.

Ponie het dieselfde dag as Craven in 1929 as eerstejaarstudent by Wilgenhof ingetrek.

Nog 'n Springbok wat saam met Dok op Stellenbosch rugby gespeel het, Flappie Lochner, wat ook bestuurder van die Springbokspan en S.A. keurder was, woon in die Strand.

Van Dok se Springbok-spanmaats op Stellenbosch wat reeds oorlede is, is ds André McDonald van Brandfort, dr S.P. van Wyk van Stellenbosch, dr Ben du Toit van Stellenbosch aan wie die plaas Brandwacht behoort het, en Koffie Hofmeyr van Montagu.

Oubaas Markötter, Dok se groot leermeester op Stellenbosch, wat ook S.A. keurder was, het McDonald vir die kapteinskap van die Springbokspan in 1933 teen die Wallabies in gedagte gehad, maar McDonald tree in 1932, op die kruin van sy loopbaan, uit.

Dok en André was kamermaats op die toer van die Springbokke in 1931 in Brittanje. Voor die span se

vertrek per boot uit Kaapstad na Southampton, roep Oubaas Markötter Craven en McDonald eenkant en sê: "You two stick together." Hulle word onafskeidbaar van die veld af en as kombinasie op die veld - Craven as skrumskakel en McDonald as agsteman - beklink hulle die oorwinning vir Suid-Afrika in 'n orkaansterkte wind in die toets teen Skotland. Craven druk die wendrie ná 'n taktiese beweging waarin McDonald die Skotte gefnuik het.

'n Beentjie is in Ben du Toit se rug afgeskop op die 1937-Springboktoer in Australië en Nieu-Seeland, maar in 1938 was hy waarskynlik die beste losvoorspeler ter wêreld in Craven se Springbokspan teen Sam Walker se Britse Leeus.

Koffie Hofmeyr se kitaar, wat gekoop is nadat elkeen van die 1937-Springbokke in Australië en Nieu-Seeland 'n paar oulap (1 sent) bygedra het, het van daardie span 'n singende span en 'n wenspan gemaak, vertel Dok. Dié kitaar is

vandag te sien in die museum van die S.A. Rugby-Voetbalunie by Nuweland.

S.P. van Wyk, in lewe 'n dosent by die landbou-fakulteit van die US, is 'n professoraat belowe, maar het dit nooit gekry nie en sterf as 'n teleurgestelde man, vertel Dok. Die Junior Springbok Ivor Townsend, wat by Zastron geboer het, is onlangs oorlede.

Verskeie spelers wat volgens Dok Springbokke kon geword het, maar dit om een of ander rede nie geword het nie, is ook reeds heengegaan. Onder hulle is Charl de Waal, die senter wat so goed sy teenstanders op hom kon trek en 'n spanmaat deur die gaping stuur. De Waal moes in die 1937-Bokspan gewees het. Lemon van der Riet sou vandag as agsteman in die Springbokspan ingestap het, sê Dok.

John Malan, oom van die latere Springbok-kaptein Avril Malan van Maties, en pa van die Springbok-atleet Doc Malan, was deur en deur Springbok-materiaal, maar het nie 'n Bok geword toe hy op Stellenbosch weg is nie. Daantjie Barnard en Justus van der Spuy was as skakelpaar Springbok-klas, maar die Tweede Wêreldoorlog beroof hulle van die Groen en Goud.

Dok se skakelmaat op Stellenbosch, Ralphie Cluver, wat ook losskakel vir WP speel, sou geen Springbokspan in die steek gelaat het nie. Koos Smit, in lewe US-dosent in opvoedkundige sielkunde, was een van die land se beste slotte en ook jarelange Matie-kaptein.

Ander bekende gestorwenes wat

saam met Dok vir Maties gespeel het, is Ewie Basson, later burgemeester van Montagu wat WP en Boland as agsteman verteenwoordig; Awie Retief, later kaptein van Stellenbosch wat vir WP in die voorry druk en pa van Pietman Retief, gewese hoofbestuurder van die S.A. Rugbyraad (Awie was ook jare lank lid van die uitvoerende bestuur van die gewese S.A. Rugbyraad); nog 'n Matie-kaptein Jan Gerber, wat vir WP uitdraf, en pa van Johann Gerber wat later self vir WP speel; Duiwel Engelbrecht, pa van die Springbok Jannie Engelbrecht; prof Faantjie Pretorius, wat vir WP en in die Springbokproewe speel; Jan Botha, hoof van Unie-Onderwys wat vir Noord-Transvaal speel en wat vanweé 'n hartaanval langs die swembad in Pretoria sterf; Lammie Louw, wat vir WP speel en

toets-skeidsregter word teen die Franse in 1958; Os Oberholzer, professor in geskiedenis aan die UOVS, wat vir WP en Boland in die voorry sak en trou met die suster van Springbok Ferdie Bergh; Hendrik de Vos, wat vleuel vir WP speel en die pa van die Springbok Dirk de Vos (Hendrik is kort gelede op Somerset-Wes begrawe) en Dan de Villiers, assistent-bestuurder van die 1956-Springbokke in Australië en Nieu-Seeland.

Peter Bairnsfather Cloete, wat vir WP krieket speel en heelagter vir Maties, en die aide-de-camp van genl. Dan Pienaar was, sterf saam met genl. Pienaar toe hul vliegtuig in die Tweede Wêreldoorlog in Midde-Afrika neerstort. Nog kleurryke spanmaats van Dok was wyle Kalahari Prinsloo en Hansie Söh-

nge; J.J. Pienaar, wat Lilburn van die All Blacks in 1928 vir die WP-Universiteit feitlik uit die wedstryd gespeel het en wie se kleinseun nou in dieselfde woonstelblok as Dok woon; W.J. Pienaar, 'n hekkies-atleet wat oor sy teenstanders geloop het soos hy oor die hekkies geloop het, en die groot voorspeler A.B. Rust van Elsenburg-faan.

Bekende spelers van Dok se dae op Stellenbosch wat nog leef, is Kobus Louw, wat vir die Suide en die Noorde, Vrystaat, OP en WP gespeel het en ook bestuurder van die 1965-Springbokspan na Australië en Nieu-Seeland was hy woon in die Strand; P.K. van der Merwe, wat ook 'n Springbok-atleet geword het; Koekies Louwrens, en Andre du Toit, voormalige voorsteerder van die KVV.

M

Monica - matrone kranige meesteratleet

"Niksdoen is nie my sterkpunt nie. Ek moet besig bly. Sport is in my bloed en daar's niks lekkerder as 'n harde oefensessie na 'n dag se werk nie."

So gesels Jane Geldenhuys, huishoudelike matrone van die dameskoshuis Monica, oor haar geliefde tydverdryf, atletiek.

24

Jane (65) het al aan verskeie meesteratletiekbyeenkomste met welslae deelgeneem. "Ek hou nie boek van prysie en plekke nie, maar neem deel omdat ek dit geniet," sê sy.

Mev Geldenhuys, 'n Oos-Kapenaar van geboorte, het in 1947 'n graad in maatskaplike werk aan die US behaal. Na 'n draai op die familieplaas is sy vort na die Universiteit van Pretoria om verder in die

letterkunde te studeer. Dis hier waar sy by die Nasionale Toneelorganisasie aangesluit en haar toekomstige eggenoot, die akteur Pieter Geldenhuys, ontmoet het.

Die atletiekgogga het haar behoorlik gebly toe sy in latere jare 'n pos by die Hoërskool Nico Malan op Humansdorp aanvaar het. "Daar moes ek hokkie, atletiek en swem afrig. Ek was selfs betrokke by die toneelgroep en debatsvereniging. Dit was dan ook in die tyd dat ek OP-kleure in dié tweekamp gekry het."

"Toe my dogter, Greta, universiteit toe moes gaan, het ek besluit om werk nader aan die Kaap te soek. Ek het verskeie onderwysposte in die Skiereiland beklee voordat ek by Monica beland het," sê mev Geldenhuys.

Sy het intussen ook haar WP- en Springbokkleure as meesteratleet in die middelafstand ontvang. Hou sy van die marathon? "Nee, dis te ver. Dis te uitputtend en 'n mens ly dae na die wedloop nog aan die gevolge daarvan," sê sy.

"n Ondervinding wat sy nooit sal vergeet nie is die keer toe sy in die middel van die somer per fiets van Stellenbosch na Jeffriesbaai gery het. "Deur die Klein Karoo het die son my byna doodgebrand. Dit was my lekkerste swaarkry nog."

Mev Geldenhuys behoort aan die Stellenbosch-atletiekklub (die Matie-klub) en vertel dat sy 'n jaar of wat gelede deur haar jonger maats by die klub as atleet van die maand aangevys is. "Dit het my baie dankbaar laat voel, en ek sal dié gebaar altyd onthou."



Jane Geldenhuys op Coetzenburg

Ander belangstellings van mev Geldenhuys is sang, swem en musiek. "Ek het selfs verlede jaar ses maande lank by prof George van der Spuy sang geneem" sê dié lewenslustige veteraan.

Wanneer sy einde vanjaar uittree en van Stellenbosch afskeid neem, wil sy Europa per fiets aandurf. - Willie Louw

M

Oud-Maties word 'n eeu oud



Mnr Barry van der Merwe van die US-kantoor in Johannesburg by mev Frean toe hy haar nameus die Universiteit gaan gelukwens het.

Mev Jessie Frean van Pretoria - wat sover bekend die oudste Oud-Matie is - het in Augustus haar 100ste verjaardag gevier. Sy was 'n eerstejaar

aan die Victoriakollege in 1911.

As knap B.A.-student het sy verskeie prys gewen, onder meer as die beste student in Latyn en Grieks in haar tweede jaar en finalejaar. Byna 80 jaar nadat sy aan die einde van 1913 afgestudeer het, bewaar sy nog haar talle boek- en ander prys wat sy op Stellenbosch gewen het.

Mev Frean woon nog in haar eie huis in Brooklyn, Pretoria, waar vriende en familie haar 100ste verjaardag saam met haar gevier het. Sy het onder meer telegramme van

gelukwense van die Staatspresident, die US-Rektor en die President van die US-Konvokasie ontvang. Mnr Barry van der Merwe, alumniskakelman in die US se kantoor in Johannesburg, het haar ook besoek om namens die Universiteit 'n geskenk te oorhandig.

Sy is in Australië gebore, het as agtjarige teen die begin van die eeu saam met haar gesin Suid-Afrika toe gekom en het in Rondebosch gematrikuleer voordat sy Victoriakollege toe is.

Min meisies het destyds universiteit toe gegaan. Boonop het mev Frean as jong kind vanweë 'n geboortevlek aan haar gesig aanvaar dat sy "seker maar net goed genoeg was

om 'n kinderbediende te word." Maar sy het vasberade uitgestyg bohaar tekortkoming, wat vir haar eerder 'n aansporing geword het om nog harder te studeer en op Stellenbosch so goed as moontlik te presteer.

Sy het 'n onderwyseres geword en ook getrou met 'n onderwyser, mnr Cecil Frean, wat in 1973 oorlede is.

Vir 'n 100-jarige is sy nog op en wakker. Sy lees graag en geniet dit om in haar mooi tuin te werskaf. En na agt dekades kan sy haar Matie-dae nog helder voor die gees roep. Sy sê: "Baie van my sukses in die lewe is toe te skryf aan my opvoeding op Stellenbosch."

M

94-jarige was driekwarteeu gelede 'n Matie



Deur Willie Louw

Een van mnr Johnny Studer (94) se kosbaarste besittings is 'n foto van die "staf en studente" wat in 1918 geneem is - die jaar waarin die Victoriakollege die Universiteit geword het. Die sowat 400 US-studente en -personeel is almal op een foto vasgevang.

'n Trotse mnr Studer is gou om te wys waar hy in die middel van die

foto pryk. Hoewel dof en effe verbleik, kan hy nog hier en daar 'n ou klasmaat uitwys.

Oom Johnny soos hy algemeen bekend is, het in die hartjie van Namakwaland op die plaas Gorap in die Kamiesberge grootgeword. Sy skoolopleiding het hy op die plaas Mesklip ontvang omdat daar toe nog geen skool op Springbok was nie. Sy junior matriekeksamen het hy aan die Hoëskool Piketberg voltooi waar die toentertydse skoolhoof, mnr J.M. Meiring, getuig het dat die "seun konsensieus en pligsgetrouw is, en dat sy gedrag 'n ware voorbeeld" is.

Matriek het oom Johnny aan die Hoë Jongenskool (nou die Paul Roos-gimnasium) op Stellenbosch geslaag. Hy het daarna die Inter-B.A.-eksamen aan die Victoriakollege afgelê en later 'n B.Sc.-graad

aan die Universiteit behaal. Leergierig was hy gewis, want hy het in 1931 die Hoë Onderwysdiploma aan die Rhodes-universiteitskollege van die Universiteit van Suid-Afrika met onderskeidings ontvang. Oom Johnny se wye belangstelling het ook daartoe geleid dat hy met afstandonderrig deur 'n instansie in Los Angeles as radioteknikus opgelei is.

In sy studentedae op Stellenbosch was hy in Wilgenhof. Sy maats aan die eettafel was George Heyns, Vernon Brink (later 'n tandarts), Bille de Kock (medikus), Ben de Klerk (boer), A.C. Cilliers (professor), Louis Nel (geoloog), Mannetjie Retief (onderwyser), Eben Dönges (parlementariër) en P.N. Lategan (geoloog).

Hy kan nog Wilgenhof se "night lights" in herinnering roep - senior

studente wat vir die eerstejaars se oriëntering verantwoordelik was. "Dit was die gebruik dat eerstejaars in die middel van die nag érens in die veld afgelaai is om dan self hul pad terug koshuis toe te vind. Ek kon darem die koshuis kry," vertel oom Johnny.

Wat hom ook nog bybly is die gebeure toe die Universiteit aan die einde van 1918 weens die Groot Griek vroeg moes sluit. "Die laaste kwartaal is afgelas en ek moes die volgende jaar net vir 'n kwartaal teruggaan om my kursus te voltooi."

As onderwysman het hy op verskillende plekke in Namakwaland onderwys gegee voordat hy as skoolhoof op Kakamas agetree het. Daarna het die Studer-gesin hulle op die plaas Doeksteen in die Kamiesberg gevestig.

M

PROFESSOR IN POËSIE PRESTEER VOORT - AS WYNMAKER

Dit sit seker nie in enige professor in poësie, wat boonop self digter is, se broek om met drie gesogte Veritas toekennings as wynmaker weg te stap nie! Maar Ronnie Belcher, wat op sy dag ook aan duisende Oud-Maties bekend was as redakteur van Matieland en as bestuurder van die Universiteitskoor en die U.S. Blasorkes, is seker nie sommer enige professor in poësie nie. Want net so geskakeerd as sy wyne wat hy op sy spogplaas in Klein-Drakenstein teenaan die Paarlse Gholfbaan maak, was ook sy loopbaan wat tot sy sukses as digter, akademikus en wynmaker gelei het.

Dié het begin as kleikapper en baksteendraer toe hy - as een van twaalf kinders - ná standerd 8 uit die skool gehaal is om op sy pa se kleinhuwe in Bottelary te werk. Dis toe ook net daar dat hy besluit het om eendag sy eie wynplaas te besit. Toe hardloop hy weg, verwerf Matriek en word mynwerker in die destydse Suid-Rhodesië. Toe hy genoeg geld bymekaargemaak het om verder te studeer, ryloop hy Stellenbosch toe, waar hy mettertyd Doktor in die Lettere geword en ook as digter naam begin maak het - en bekend geraak het as 'n verwoestende plettervatter op die rugbyveld.



Prof Ronnie Belcher

Voordat hy in 1986 professor in Afrikaans aan die Universiteit van Bophuthatswana geword het, was hy ook hoof van die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland en Senior Lektor in Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Natal in Durban.

Sy Veritas toekennings volg op 'n lang rit anderspanlike toekennings en eerbelye. Onder hulle is twee strate - in Bloemfontein en Strand - wat na hom vernoem is vir sy bydrae op Afrikaanse kulturgebied.

"Van Mynwerker tot Wynmerker" som hy sy loopbaan op waar hy in sy kelder woel en onderskeidingsstekens op sy verskillende vate en tenke aanbring - vir die gerief van "Kosie Wynvoet" (die KWV!).

Ronnie nooi al sy Oud-Matie vriende, en sommer ook alle ander lesers van Matieland, na sy kelder om saam met hom 'n glasie te skink op die ou dae, en die dae wat nog kom. Hy bedoel dit. Ook die Oud-Matie afslag!

BELCHER WYNPLAAS



Posbus 541
Suider-Paarl 7624
Tel. (02211) 631458
Faks. (02211) 632076

SPOGWYNE UIT ONS
KAPELKELDER WORD
BY U DEUR
AFGELEWER

Wanneer u weer Boland toe kom, maak
gerus by ons 'n draai.

Ronnie Belcher

Nuwe US-lied word gesoek

Die Matie-Studenteraad probeer om 'n nuwe Universiteitslied die lig te laat sien. 'n Bekroonde digter, prof Lina Spies van die Departement Afrikaans en Nederlands, is gevra om die liriek te skryf. Daarby moes egter 'n deuntjie kom, waarvoor die SR 'n wedstryd gehou het.

'n Komitee, bestaande uit prof Andreas van Wyk, die aangewese Rektor en Visekanselier, prof Reino Otterman, hoof van die Departement Musiek, nog twee musiekdosente en SR-lede, het die toonsettings wat ingeskryf is, beoordeel. Die

wenner was prof Roelof Temmingh, 'n US-musiekdosent wat al as komponis naam gemaak het.

Dié lied is in September by die Matie-Sangfees gesing, maar daar is nog nie finaal hierop besluit nie. Prof Van Wyk sê dit moet die Maties, oudstudente en US-personeel se lied wees en enige beslissing daaroor sal - na breë oorlegpleging met alle belanghebbendes - by die Universiteitsraad berus. Proff Spies en Temmingh se nuutste bydrae word slegs beskou as 'n oefening, 'n deel van die poging om 'n aanvaarbare alternatief vir bespreking te kry.

M

Radio Matie beplan reünie

'n Reünie van Radio Matie se oudomroepers wat vir vanjaar beplan is, kon nie geskied nie en daar word nou beoog om dit in 1993 te hou.

Oudomroepers van Radio Matie word gevra om hulle name en adresse en die van mede-oudomroepers van wie hulle weet, te stuur aan Die Hoofomroeper, Radio Matie, Universiteit, Stellenbosch, 7600 (tel 772355) sodat uitnodigings en volledige besonderhede oor die beoogde reünie aan hulle gestuur kan word.

M

Nie vir sentrum nie

In 'n berig oor die Jannie Marais-huis op Coetzenburg (in *Matieland* 1:92) is daarna verwys dat dié ou huis - wat nou pragtig gerestoureer is en onlangs tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is - in die vroeë sewentigerjare byna gesloop is. Maar dié sloping was nie beplan nie vir die beoogde D.F. Malan-gedenksentrum, wat in 1974 op 'n ander deel van Coetzenburg in gebruik geneem is, plek te maak nie.

M

Siviele Ingenieurs-foto's

Die Departement Siviele Ingenieurswese wil sy finalejaarsklasfoto's in sy gebou uitstal, maar kort die name by baie van dié foto's. Oudstudente kan help deur klasfoto's te skenk of selfs fotokopieë daarvan (met die name) te besorg aan prof A. Rooseboom, die departementsvoorsitter (✉ 02231-774353; faks 774361). Finalejaarsfoto's van alle ingenieurstudente kort vir 1947, '48, '55, '58, '60, '62-'64, '68-'71, '77, '82 en '89. Van die Siviele finalejaarsklasse kort die volgandes: 1946, '49-'54, '56, '57, '65 en '66.

M

OUD-MATIES SE ADRESSE ASSEBLIEF!

Die US wil graag met alle Oud-Maties in verbinding bly.

As u (of u kinders, ander familie of enige ander Oud-Maties van wie u weet) nie Matieland kry nie, sal ons dit waardeer as u die vorm invul en stuur aan die Redakteur, Matieland, Universiteit, Stellenbosch, 7600.

As u twee of meer Matieland-eksemplare ontvang, sal dit waardeer word as u al die verskillende plastokies saam met hierdie voltooide vorm terugstuur.

Getroudes wat albei Oud-Maties is, moet asb. die vrou se besonderhede ook apart byvoeg.

Titel en van:

Voorname:

Studentenommer:

Geboortedatum:

Nooiensvan:

Grade en/of diplomas aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:

My ou adres vir Matieland:

Matieland moet aan my nuwe werkadres/woonadres gestuur word. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.)

My nuwe werkadres:

My nuwe woonadres:

Bevorder en aangestel



Prof Cawood



Prof Cruywagen



Prof Reinecke



Prof Van Vuuren

Twee sekundusdekane, vier professore en vyf medeprofessore is onder die senior akademici wat onlangs of vanaf vroeg in die nuwe jaar by die Universiteit bevorder of aangestel is.

Prof J.J. Cruywagen van die Departement Chemie is tot 1995 as Sekundusdekaan van Natuurwetenskappe aangestel. Hy het B.Sc. met lof, M.Sc. en D.Sc. aan die US behaal en is sedert 1958 'n US-dosent. Gedurende 1966-'68 was hy 'n navorsingsgenoot aan die "Atomic Energy Research Establishment" in Engeland.

Prof J. Cawood van die Departement Didaktiek word tot einde 1994 Sekundusdekaan van Opvoedkunde. Hy het aan die OKP gestudeer, B.A. en B.Comm. deur Unisa behaal en op Stellenbosch B.Ed., M.Ed. (albei met lof) asook D.Ed. behaal. Hy is in 1971 aan die US aangestel, het in 1977 professor geword en is onder meer lid van die "World Council for Gifted and Talented Children."

Dit is die eerste keer dat sekundusdekane in die fakulteit Natuurwetenskappe en Opvoedkunde aangestel word.

Prof A.J. Reinecke, hoof van die Departement Biologie by Medunsa, het professor in Soölogie geword. Hy het aan die Potchefstroomse Universiteit gestudeer, was daar tot 1991 hoof van die departement dierkunde en het ook as navorser in die VSA gewerk.

Prof H.J.J. van Vuuren is van medeprofessor tot professor in Mikrobiologie bevorder. Hy het op Stellenbosch gestudeer, 'n doktorsgraad aan die Rijksuniversiteit Gent in België behaal en was 'n dosent by die UOVS voordat hy in 1983 aan die US aangestel is. Hy is ook Direkteur van die Instituut vir Biotecnologie, US, en was in 1988 besoekende professor aan die Tennessee-universiteit se geneeskunde-kollege.

Prof I.S. Pretorius is ook van medeprofessor tot professor in Mikrobiologie bevorder. Hy is opgeleid aan die UOVS waar hy 'n mikrobiologiesdosent was voordat hy in 1987 aan die US aangestel is. In 1988 het hy medeprofessor geword. Hy het verlede jaar 'n ontvanger van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling se gesogte Presidentstoekenning geword.

Prof J.B. Eckert, van van die Uni-

versiteit van Colorado word in Februarie professor in Landbou-ekonomiese aan die US. Hy het aan die universiteite van Arizona, Stanford en Michigan gestudeer, het in Pakistan en Lesotho gewerk en was voorheen aan die universiteite van Kaapstad en Pretoria asook die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika verbond.

MEDEPROFESSORE

Die nuwe medeprofessore is drs A.E. Carl (Didaktiek), D.R. Franken (Verloskunde en Ginekologie), M. Bariska (Houtkunde), W.H. van Zyl (Mikrobiologie) en D. Davidson (Elektroniese Ingenieurswese).

Prof Carl het al sy akademiese kwalifikasies aan die US behaal en was 'n hoëskoolonderwyser in Durbanville voordat hy in 1983 aan die US aangestel is.

Prof Franken het aan die UOVS gestudeer en was daar medeprofessor voordat hy in 1988 navorsingsdirekteur van die US se Eenheid vir Reproduktiewe Biologie geword het.

Prof Bariska is in Switserland opgeleid, het daar en in Amerika gewerk, was aan die WNNR verbond en is sedert 1988 aan die US verbond.


Prof Van Zyl het aan die UOVS gestudeer en 'n doktorsgraad aan die Princeton-universiteit in Amerika behaal. Hy was 'n hulpdosent by Princeton asook 'n gasdosent aan die UOVS en die US. Voor sy onlangse US-aanstelling was hy aan die Afdeling Voedselwetenskap en Tegnologie, WNNR, verbond.

Prof Davidson het aan die UP gestudeer en 'n doktorsgraad aan die US behaal, was navorsingsingenieur by die WNNR in Pretoria en is sedert 1988 'n US-dosent.

SENIOR LEKTORE

Dosente wat onlangs as senior lektore by die US aangestel is of daartoe bevorder is, is: drs G.A. Schoombee (Ekonomiese), F.G. Scholtz, E.D. Davis en E. Rohwer (Fisika), M.F. Howes (Maatskaplike Werk), C.D. Cilliers (Ortopedagogiek en Buitengewone Onderwys), C.H.J. van der Merwe (Semitiese Tale en Kultuur), A.A. Lemmer (Wiskunde), M.W. Bredenkamp (Chemie), A.B. Taylor (Meganiese Ingenieurswese) en G.B. Theron (Verloskunde en Ginekologie), mev C. le Roux (Algemene Taalwetenskap) en mnr A.E. Jacobs en A. Penty (Rekenkunde).

Israelse pionier besoek instituut



Prof Pretorius

Mej A. Hendry is as Hoof, Sentrum vir Gestremdesorg en Rehabilitasie, aangestel. Onlangse senior navorsingsaanstellings is dié van dr B. Haldenwang en me M.M.E. Dodds (Instituut vir Toekomsnavorsing) en mnre C. Aldrich (Metallurgiese Ingenieurswese) en M. Huysamer (Hortologie).

Lektors-aanstellings of -bevorderings is dié van dr C.A. Pycroft (Publieke Administrasie), mevv M.A. McCarthy (Maatskaplike Werk) en M.J. Oosthuizen (Musiek), mee R. Viljoen (Opvoedkundige Sielkunde) en S.P. Kruger (Maatskaplike Werk) asook mnre H.M. Griessel (Hortologie). M



Die Instituut vir Polimeerwetenskap (IPW) het onlangs 'n heel besonderse besoeker gehad: die vermaarde Israelse membraannavorser prof Sydney Loeb. Hy het in die vroeë sestigerjare (saam met dr Sourirajan van die Universiteit van Kalifornië in Los Angeles) die kundigheid ontwikkel om assimmetriese tru-osmose membrane van sellulose-assetaat te vervaardig. Wetenskaplikes het toe lankal gewag op dié groot deurbraak, wat die era van moderne membraantegnologie ingehui het.

Dr Loeb, wat aan die Ben Gurion-universiteit van die Negev verbonde is, is hier (naaslinks) met sy US-besoek saam met dr Ron Sanderson, Direkteur van die IPW, Derik Pienaar, dosent in anorganiese chemie, en Ed Jacobs, IPW-hoofnavorser.

Suid-Afrika het die membraanontwikkelingsveld vroeg in die jare sewentig betree. Dr Pienaar het in 1973 die eerste sellulose-assetaat tru-osmose vlehmembraan in die land in die Universiteit se Anorganiese Chemie-gebou gemaak. Hy was toe 'n student van dr Sanderson, wat navorsingsfondse vir membraanontwikkeling van die WNNR beding het. Vier jaar later was daar weer 'n US-deurbraak toe dr Jacobs die eerste tru-osmose buismembrane van sellulose-assetaat in dieselfde gebou begin produseer het.

Met die Watervorsingskommissie se volgehoue finansiële ondersteuning het dié navorsing verder gedy en in 1982 die stadium bereik waar die eerste plaastik ontwikkelde membraanproduksie-tegnologie vir kom-

mersialisering na die nywerheid oorgedra is. Verskeie membraanprodukte het sedertdien langs dié weg die mark gevind en die Instituut het verdien om as Sentrum vir Membraanproduksiekundigheid erken te word. M



OUD MATIES WEET HOE OM VLEIS EN VIS TE BRAAI

AL WAT HUL NODIG HET IS DIE EGTE BRAAIHOUT

- HARDEKOOL ● KAREE
- WINGERDSTOK ● ROOIKRANS


Nou Landswyd Beskikbaar

AGENTS

INTERCITY

Johannesburg (011) 902-2601 • Pretoria (012) 70-7861/2 • Durban (031) 701-4600

In Memoriam



Prof A.B. de Villiers



Mev J.H. de Vos



Prof C.A. du Toit



Prof F.J.M. Potgieter

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende US-personeeldelede, Oud-Maties, Maties en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het.

Mev J.S. (Pattie) Beukes (gebore Pretorius) (78) van Bloemfontein; B.A. (1933), vrou van prof Gerhard Beukes, oudprofessor in die Afrikaanse letterkunde aan die UOVS; hulle het as mede-Maties in die jare dertig ontmoet.

Mnr E.A. Buhr (81) van Nieuwoudtville; B.Sc.Agric en M.Sc.Agric met lof (1932, '40).

Mev M.E. Cilliers (70) van Parow; M.A. in Maatskaplike Werk (1943).

Prof A.B. de Villiers (75) van Stellenbosch; B.A., LL.B. albei met lof (1938, '41) en LL.D. (1953); ook nagraadse studie in Leiden en Utrecht, Nederland; was prokureur op Stellenbosch en deeltydse dosent voor hy in 1955 as senior lektor, US, aangestel is; was van 1960 tot sy aftrede in 1982 professor in Regsgeleerdheid; was verskeie keredekaan; het ook gedien as US-Raadslid, lid van die Visekanseliers-

komitee en voorsitter van die Senaat se uitvoerende komitee; het in 'n aantal maatskappydireksies in verskillende sektore van die handel en nywerheid gedien; het 'n sleutelrol vervul in die ontstaan van die UPE; was getroud met Oud-Matie Gera Klomp, wat in 1991 oorlede is.

Ds H.M. de Vos (81) van die Strand; B.A., en M.A. asook Kweekskoolopleiding (tot 1938); was o.m. NG leraar op Kroonstad en Viljoenskroon, in Germiston, Port Elizabeth en Grahamstad en te St Helena en Vierfontein tot sy aftrede in 1973.

Mev J.H. de Vos (gebore Troskie) (101) van Shelly-strand naby Port Shepstone, Natalse Suidkus, wat omstreeks 1910 aan die Konservatorium gestudeer het en onder meer 'n student van prof Hans Endler was; sy was 'n oudinwoner van Harmonie; weduwe van Kweekskool-oudstudent ds Hennie de Vos met wie sy in 1915 getrou het; voor sy dood in 1959 was hulle leeraarspaar op Ladysmith en Paarlpietersburg en 27 jaar huisouers van die Langlaagte-weeshuis in Johannesburg.

Mnr Awie de Vries (90) van Stellen-

bosch, wat 39 jaar aan die destydse Carnegie-biblioteek, US, verbondes was.

Prof C.A. du Toit (82) van Stellenbosch; B.Sc. en M.Sc. (1929, '31) albei met lof; het Ph.D. in 1933 aan die UK behaal; was aan die UK verbondes voordat hy in 1938 in die Departement Soölogie, US, aangestel is; was professor in dié departement van 1960 tot sy afdrede in 1975; het van 1964 tot sy afdrede as Senaatsverteenvoerdiger in die Raad gedien; was o.m. voorsitter van die Soölogiese Vereniging van SA, van wie hy in 1975 'n medalje ontvang het; het in 1962 die Carl Linnaeus-medalje van die Sweedse Koninklike Akademie vir Wetenskap ontvang; en het o.m. 12 jaar in die WNNR se raad gedien.

Ds P.G. Engelbrecht (57) van Philippolis; B.A., B.Th., (1974, '77); was ook voorheen NG leraar op Vredendal en Riebeeckpark.

Mej Annatjie Fourie (20) 'n student in chemiese ingenieurswese en 'n Monicaner, wat in 'n motorongeluk dood is; afkomstig van Calitzdorp.

Mnr K. de K. (Kokkie) Fourie (42)

van Kuilsrivier; B.Econ. (1979); was sedert 1981 aan die Afdeling Akademiese Bestuursinligting, Administrasie, US, verbondes.

Mnr E. Hammersma (28) wat as prokureur in Goodwood gepraktiseer het; B.A., LL.B. (1987, '89).

Dr G.J. Hupkes (58) van Pretoria; B.Comm., M.Comm., D.Comm. (1952, '56, '65).

Mnr D.D. (Neil) Joubert (79) van Stellenbosch; ZDSL ('n landboudiploma) in 1933; eienaar van die bekende wynlandgoed Spier buite die Eikestad en 'n medestigter van die Stellenbosse Wynroete.

Prof H.L.N. (Hennie) Joubert (82) van Somerset-Wes; B.A., M.A., Kweekskoolopleiding (1930-'35); het ook 'n meestersgraad aan Princeton, VSA, en 'n doktorsgraad in Amsterdam behaal; en aan die Universiteit van Tübingen gestudeer; was NG predikant te Jeppestown, Bezuidenhoutsvallei, Parys, Grahamstad en Riversdal; was lid van die Kuratorium van die Kweekskool op Stellenbosch; van 1962 professor in Nuwe Testamentiese studies te Fort Hare, en na sy

aftrede verbonde aan die UWK en UOVS.

Mnr A.J. Keulder (73) van Durbanville, voorheen Ceres; B.A., S.O.D., B.Ed. (1938, '39, '42); voormalige adjunkdirektoer van onderwys in Kaapland.

Prof Anna S. Neethling-Pohl (85) van Graaff-Reinet; B.A. (1927); befaamde Afrikaanse aktrise; voormalige dramadosent aan die UP; was 'n hoofspeler in meer as 50 verhoogwerke, regisseur van byna 60 toneelstukke asook voortreflike radio- en rolprentaktrise; was betrokke by die vertaling van Shakespeare-dramas; het erepennings van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, FAK en Technikon Pretoria, 'n eredoktorsgraad van die UP, die Staatspresidentstoekenning vir Voortreflike Diens en die Italiaanse regering se Adelheid Ristori-toekenning ontvang.

Mev D.C. Poole (gebore Hayward) (69) van Port Elizabeth; B.A., H.P.O.D. (1943, '45).

Prof F.J.M. Potgieter (84) van Stellenbosch; het tot 1935 aan die Stellenbosse Kweekskool gestudeer nadat hy eers aan die Universiteit van Kaapstad opgelei is; het 'n doktorsgraad in die sielkunde aan die UK en 'n D-graad in die teologie in Amsterdam behaal; was NG leraar op Steynsburg en Robertson voordat hy in 1946 aan die US aangestel is, eers as professor in kerkhistoriese vakke en tot sy aftrede in 1977 (toe hy 70 jaar oud was) as hoogleraar in dogmatiek en etiek; 'n kenner van Calvyn; het in 'n aantal breë kerklike kommissies gedien en die NG kerk o.m. verteenwoordig by die Gereformeerde Ekumeniese Sinodes van 1958 en 1969..

Mnr C.K. Richter (47) van Durbanville; B.Sc. (1967); was aan San-

lam verbonde.

Mnr D.F.R. Roux (54) van Moerreesburg; 'n prokureur; B.A., LL.B. (1958, '60).

Mnr C.M. (Chris) Stimie (81) van Durbanville; B.A., S.O.D. en M.Ed. (1931, '32, '44); was skoolhoof op Aberdeen en 18 jaar op Durbanville; het na sy aftrede in 1970 vir die RGN en 'n uitgewery gewerk; het 'n reeks Engels-skoolboeke geskryf.

Mnr Otto Teuteberg (77) van Stellenbosch wat tot sy aftrede in 1981 sowat 30 jaar hoof van die fisikawinkel in die Departement Meganiese Ingenieurswese was.

Mnr Mauritz H.J. Uys (73) van die Paarl; B.Comm. (1940); was van 1948 tot sy aftrede in 1982 betrokke by 'n bekende Paarlse klerewinkel wat sy naam gedra het.

Dr Gideon van Biljon (48) van Kaapstad; B.Sc., M.B., Ch.B. (1965, '69).

Mnr F.J. (Frikkie) van Eeden (32) van Johannesburg; B.A., H.O.D. (1979, '81); 'n oudinwoner van Helshoogte; was o.m. aan die SAUK, 'n technikon en Lufthanza verbonde.

Mnr C.A. (Corrie) van Niekerk (55) van Milnerton; B.Sc., B.Ing. (1960); het Matie-kleure in rugby, tennis en krieket verwerf en was eerstespan-rugbykaptein; het vir Griekwaland-Wes, Boland en WP rugby gespeel.

Mnr C.L. Wepener (57) van Port Elizabeth; B.Comm. (1953); voorheen hoof van die Tegniese Kollege Port Elizabeth; is voorverlede jaar oorlede.

M

STELLENBOSCH

BENUT HIERDIE UNIEKE
BELEGGINGSGELEENTHEID!

J O N K E R S P A R K

Eksklusiewe enkeltitel

ontwikkeling van 42 luukse
huise langs Mostertsdrift.

Pryse vanaf R261 000.

Vir verdere inligting, skakel Jannie Visser by (021) 949-5010 k/u



PRONAM PARTNERSHIP DH1334

Sielkundese driekwarteeuefees




Sielkundiges van dwarsoor die land was by die tiende nasionale sielkundekongres wat by die Universiteit gehou is en met die Departement Sielkunde se 75ste bestaansjaar saamgeval het. Hier is prof Bodley van der Westhuysen van die US, inkomende president van die Sielkundevereniging van Suid-Afrika, mev Annemarie Wentzel, president van dié vereniging, dr Louise Olivier, die uitgaande president, en regter Pierre Olivier wat die hoofrede gelewer het. Hy het oor Legitimiteit en toeganklikheid van die sielkunde en die sielkundige gepraat.

31

'N LEKKER WYNSTORIE

deur Maureen Joubert



Maak nie saak hoe oud 'n mens is nie: as 'n oud Matie weer op Stellenbosch kom, maak herinneringe van hom of haar weer 'nple-sierge student.

Dit ontdek ek weereens toe ek onlangs afgesit het Eikestad toe met die doel om ou voetspore na te loop en nuwe paadjies te verken. Nooit geweet studentedae wat soveel jare agter die rug, kan nog so helder in die gedagte geroep word nie! En ewe min besef hoeveel daar aan die nuwe paadjies al geskaaf en geteer is nie.

Onder meer 'n draai gemaak by die splinter-nuwe ontwikkeling Lieberheim, so knus teen die berg en tog ook net 'n hanetree van die studente gewoel. Net noord van dié deel van Paradyskloof val KWV se toetswingerde my op.

Presies wat getoets word, sal slegs die wingerd-boukundiges weet. Maar dat daar deesdae aan ons

wingerde en wyne getoets, beproef en beoordeel word, is vir seker. Daar is min verbruikersprodukte in ons land waaroor soveel geskryf, gepraat, beoordeel, beproef en gestry word.

In ons studentedae het ons die wingerdvoggies maar versigtig benader. En alles was so eenvoudig. Jy het jou tandé geslyp op óf wit óf rooi, Lieberstein of Tassies. Punt.

Vir hogere dae was daar Chateau Libertas, ook bekend as Chatties, CTL, Chattox en Chattox Laaburtus, 'n wyse gryse wat vanjaar sy sestigste verjaardag vier. En as wynliefhebber kan jy sê "ek het hom geken toe hy nog net agter die ore was!"

Dan was daar die pienke, Lanzerac Rosé wat ons hoofsaaklik geken het as was aangepakte boepenshouer vir 'n kers op eettafsels in dié plekke waar ons kon bekostig om so een keer per kwartaal uit te hang.

Vandag is die wynstorie nie meer so lekker eenvoudig nie. Daar is streke en kultivars en versnitte en Veritas-toekennings en meer as 3000 etikette waaruit 'n mens na 'n gunsteling moet soek.

Kom jy uiteindelik uit by een kultivar soos Chardonnay, moet jy nog worstel deur houtveroudering of houtgisting of g'n hout gehennaam nie. Selfs buitelandse wynkenners besoek Suid-Afrika en stry oor hout.

Die een sê ons is houtbe...hep, die ander sê nee, laat waai met die hout, dit maak die wyn vol en ryp. 'n Wyse man sê oppas dat 'n wyn verouder is in vate wat gemaak is van Franse eikehout wat van die suidoostekant van 'n boom op die linkeroewer van die suidelike syloop van 'n wes-vloeiende rivier staan nie.

Die Franse maak baie wyn en drink baie wyn,

maar hulle sukkel nie soveel met keuses soos ons nie. Die Springbokke sou dit gou agtergekom het tydens hul onlangse rugbytoer deur dié land van lekkerbekke - mits hulle toelaat is om die dors te les met iets anders as die voggies wat hulle op hul breë borse adverteer.

Daar drink jy hoofsaaklik wat die streek oplewer. Maar soms is die keuse nog meer beperk.

Vriend Koos het dit in die hartjie van Parys ontdek. Ons het op aanbeveling 'n woelige, boerse restaurant naby die ou markplek besoek. Hier het ons ons soos sardientjies laat indruk tussen die joernaliste en toneelmense wat die plek graag ondersteun.

Ons was dors. "Monsieur! Monsieur!" het Koos herhaaldelik in die rigting van die kelner gesoebat. Wat hy gesoek het, was die wynlys, *s'il vous plaît*.

Deel van lekkerbek-Koos se plesiere aan eet is nou juis wyn, en dan ook die bespreking daarvan en uiteindelik die fynere keuse van net die regte wyn by die regte gereg.

Die kelner het neus-in-die-lug by ons verbygestap, tot Koos se stem om die *carte de vin* begin bewe het. Toe kom hy afgemete nadergestap en sê: "*Vin blanc ou vin rouge?*"

Net so. Wit of rooi is jou keuse en daarmee basta! Skielik het ek in die mooi Franse stad weer pure Matie gevoel. Lekker student-wees wanneer die keuse net tussen die een of die ander lê.


Ons het skouerophalend na mekaar gekyk en toe aangekondig: een van elk!

LIEBERHEIM

Paradyskloof
STELLENBOSCH

BELËN IN U EIE DEELTJIE VAN STELLENBOSCH EN GENIET ALGEHELE SEKURITEIT, 'N IDILLIESE ONGEWING EN 'N UITSIG OOR DIE MAJESTIEUSE JONKERSHOEKBERGE!

RUIM • VEILIG • SKILDERAGTIG




- Hoofslaapkamer met badkamer en aantrekkamer en-suite.
- 2de en 3de slaapkamers met volledige badkamer.
- Motorhuis en motorafdek.
- Ommuurde privaattuin.
- Afsonderlike patio's vanaf slaap-, sit- en eetkamer.
- Noord-aansig.
- Slegs een elektroniese beheerde toegang tot Lieberheim.
- Toesluit en ry lewenstyl.

Lieberheim is 'n laedigtheid-ontwikkeling wat uit 43 vrystaande wonings bestaan, elk met afsonderlike titel, rustige privaatheid, manjifieke uitsigte oor die asemrowende Jonkershoekberge, sonnige noord-aansig kamers en – die beste van alles – werklik goeie sekuriteit.



Sekuriteit is van uiterste belang by Lieberheim. Die hele projek is omring deur 'n veiligheidsmuur en toegang word beperk tot 'n enkele elektronies beheerde hek wat deur middel van 'n kabelfoon met elke woning in die projek verbind is. Slegs inwoners binne die projek kan die hekmeganisme aktiveer. Bo en behalwe die beplande veilighedsmaatreëls, kan inwoners hulle ook berus in die wete dat vriendelike bure daar is wanneer hulle nodig het.

Die Lieberheim-skouhuis is 7 dae van die week oop: Maan. – Don. 11h00 – 17h00, Vry. – Son. 14h00 – 17h00. Neem die R44 vanaf Stellenbosch na Somerset-Wes, draai oorkant die gholfbaan links in Paradyskloofweg en draai daarna by die tweede pad, Floridaweg, regs. Lieberheim is aan die einde van Floridaweg.



Tree in verbinding met ons by die skouhuis (02231) 90-1705 gedurende skou-ure of Susan Saaiman (021) 96-7222.

Dis alles daar, vir u om te ervaar, as u aftree in StellenOord, die Perm se sierlike afreedorp in die historiese Stellenbosch — net 40 kilometer van Kaapstad, in 'n wingerlandschap geleë. Musiek, kuns, openbare lesings,

opvoerings en uitstellings is daar vir u in 'n polsende universiteitsdorp. Die gesogte Oude Libertas-opelugteater is net 500 meter ver.

Baai in u eie StellenOord-swembad terwyl iemand anders dit versorg. Ontspan op goue strande net 20 minute weg, geniet wynplaaskuiertjies, wandelinge en motorritte in die natuur.

Puik 18-putjie-gholfbaan, rolbalbaan, hengel en ander sportaktiwiteite

is alles in en om

Stellenbosch.

Omvattende,

mededing-

ende inkoop-

geriewe

byderhand

in Stellen-

bosch met

Tygervallei

en Kaapstad

net oor


die bult.

MENG STADSPLESIER MET PLATTELANDSE VREDE. TREE AF OP STELLENBOSCH.



Geniet billike etes in StellenOord se eie Wild Olive-restaurant, of in Stellenbosch en die omgewing self. Neem deel aan gemeenskapsaktiwiteite in die dorpsentrum. Daar's brug-aande,

lesings, klasse en demonstrasies. Voel veilig, met 'n 24-uur-beveiligingsdiens, 'n verpleegdiens wat dag en nag per huis-interkom op roep is en 'n moderne verpleegsorg-kompleks met 31 beddens.



StellenOord het argiteksontwerpte een-, twee- of drieslaapkamerhuise vanaf slegs R175 000, met maandelikse heffings vanaf R190. Die huise word omring deur 'n pragtig uitgelegde terrein.

Toonhuise kan nou besigtig word. Skakel net (02231) 9-9403 of besoek u naaste Perm tak.

Of pos dadelik die koepon.



STELLENOORD

Die afreedorp 'n hanetreetjie vanaf die hart van die Eikestad.

Aan: STELLENOORD BEMARKINGSDIENSTE, P.A. PERMPROP, POSBUS 1043, STELLENBOSCH 7599

NAAM

ADRES

POSKODE

TEL (HUIS)

(KANTOOR)

WORD NUU VERTOON

- Stuur my asseblief volledige besonderhede van StellenOord, insluitende opsies, pryse, ens.
 Skakel my vir 'n persoonlike gesprek.

NEALE MAY & WESSELS 922/92/M/CPM/A



U belegging is rotsvas by Die Perm